

'N GRAFOLOGIESE STUDIE VAN DIE
HANDSKRIFTE VAN 'N GROEP MISDADIGERS
EN 'N GROEP STUDENTE

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Artium

(Sielkunde)

aan die

Potchefstroomse Universiteit

vir

Christelike Hoër Onderwys

deur

W. F. Botha.

Potchefstroom,

Maart, 1964

V O O R W O O R D

My opregte dank aan dr. D.W.J. Strümpfer, onder wie se toesig die studie plaasgevind het, vir sy besielende en simpatieke leiding. Sy waardevolle wenke, offering en hulpvaardigheid word opreg waardeer.

Ek wil professor J.M. Hattingh bedank vir die inspirasie wat van hom uitgegaan het in die voorbereidende studie tydperk.

Ek wil ook my waardering teenoor die Kommissaris van Gevangeniswese betuig vir sy goedgunstiglike toestemming om die handskrifte van misdadigers vir die studie te gebruik. 'n Besondere woord van dank aan kaptein Du Toit en sy personeel wat behulpsaam was met die verkryging van die monsters.

'n Woord van dank aan mnr. P. Scheffer vir sy waardevolle bydrae ten opsigte van die taalversorging van die studie.

DIE SKRYWER.

I N H O U D

Hoofstuk		Bls.
	LYS VAN TABELLE	
I	INLEIDING	1
	Projeksie	1
	Ekspresie	5
	Verskil tussen Ekspresie en Projeksie	8
	Handskrif as Ekspresievorm	9
	Huidige Posisie van Grafologie	12
	Verskillende Standpunte in Grafologie ..	13
	Ondersoekinge na Geldigheid van Grafologie	20
	Voordele van Grafologie bo Ander Tegnieke	32
	Besware teen Grafologie	33
	Beperkinge van Grafologie	38
	Doel van Huidige Studie	39
II	METODE	
	Proefpersone	41
	Verkryging van Skrifmonsters	43
	Verwerking van Gegewens.....	43
	Handskrifeienskappe wat Onderzoek is	44
	1. Laagklas	45
	2. Spoed	46
	3. Reëlmatigheid.....	47
	4. Grootte van Sones	48
	5. Skryfhoek	48
	6. Graad van verbinding.....	49
	7. Soort verbinding	49
	8. Vereenvoudiging	49
	9. Styging en daling van lyne	49
	10. Linkerkantse kantspasie	49
	11. Eienskappe van oneerlikheid.....	50
III	RESULTATE	
	1. Laagklas	51
	2. Spoed	53
	3. Reëlmatigheid	55
	4. Grootte van Sones	56
	5. Skryfhoek	58
	6. Graad van verbinding	59
	7. Soort verbinding	60
	8. Vereenvoudiging	61

9.	Styging en daling van Lyne	62
10.	Linkerkantse Kantspasie	63
11.	Eienskappe van oneerlikheid	64

IV BESPREKING VAN RESULTATE

	Eienskappe wat Beduidend Verskil het ...	66
1.	Laagklas	66
2.	Spoed	68
3.	Reëlmatigheid	70
4.	Grootte van Sones	73
5.	Vereenvoudiging	76
6.	Eienskappe van oneerlikheid	78
	GEHEELBEELD VAN MISDADIGERS	81
	OPSOMMING	84
	LITERATUURVERWYSINGS	87

Lys van Tabele

Tabel		Bladsy
1.	Klassifikasie van monsters t.o.v. laagklas	51
2.	Verspreiding van laagklascienskappe	52
3.	Klassifikasie van monsters t.o.v. spoed	53
4.	Verspreiding van eienskappe wat spoed aandui ..	54
5.	Klassifikasie van monsters t.o.v. reëlmatighede	55
6.	Verspreiding van eienskappe van reëlmatigheid	56
7.	Gemiddelde lengte van sones in millimeters	57
8.	Verspreiding van sones	57
9.	Klassifikasie van monsters t.o.v. skryfhoek ...	58
10.	Klassifikasie van monsters volgens verbinding .	59
11.	Klassifikasie van monsters t.o.v. soort verbinding	60
12.	Klassifikasie van monsters t.o.v. vereen- voudiging	61
13.	Klassifikasie van monsters t.o.v. styging en daling van lyne	62
14.	Klassifikasie van monsters t.o.v. linker- kantspasie	63
15.	Klassifikasie van monsters t.o.v. eienskappe van oneerlikheid	64
16.	Verspreiding van eienskappe van oneerlikheid ..	65

HOOFSTUK I

INLEIDING

„Het handschrift is het blywende zichtbare resultaat van de persoonlike skryfbeweging" (Klages, 1917).

Hierdie studie handel oor persoonlikheid en die skryfbeweging en dus is die twee begrippe in Klages se definisie van handskrif van besondere belang. Onder persoonlikheid verstaan ons hier die innerlike dinamiese organisasie van die mens. Die innerlike organisasie dui op 'n innerlike gesteldheid of toestand wat dinamies van aard is en gevolglik innerlike beweging tot gevolg het.

Die innerlike beweging word deur die liggaam sigbaar, m.a.w. die liggaam dien as medium waardeur die innerlike beweging tot die buitewêreld kom. Dit bring ons by die tweede begrip, nl. die skryfbeweging. Die skryfbeweging, wat 'n liggaamlike beweging is, is die sigbaarwording van die innerlike gesteldheid, nie in die sin van die inhoud van die geskrewe woord nie, maar in die wyse waarop die skryfbeweging uitgevoer is.

Die persoonlike skryfbeweging is dus die sigbaarwording van die innerlike toestand of gesteldheid van die mens deur liggaamlike beweging.

Daar is twee belangrike verskynsels waarop die innerlike gesteldheid deur die liggaam sigbaar word, nl. projeksie en ekspressie. Die vraag ontstaan nou onder watter van hierdie twee verskynsels sorteer die skryfbeweging. Bondige bespreking van die twee metodes word hieronder gegee.

Projeksie

Projeksie moet, soos die woord aandui, gesien word as die projekteer van iets na buite. Dit is ook nie slegs

'n projeksie na buite nie, maar ook 'n projeksie op 'n voorwerp. Die beeld word uit die projektor op 'n skerm geprojekteer. Die term „projeksie” word ten opsigte van die mens in oordragtelyke sin gebruik.

Onder leiding van Freud, omskryf die psigo-analiste projeksie as 'n verdedigingsmeganisme wat die mens gebruik om impulse, neigings en begeertes, wat weens die sosiale kode verdring is, wat 'n spanningstoestand veroorsaak het, en wat vanweë die spanning nie meer verdronge kan bly nie op 'n ander persoon oor te dra of te „projekteer”. Hierdie oordrag of projeksie bring verligting van spanning. Die doel van die projeksie of oordrag op ander persone is om die integriteit van die persoonlikheid te bewaar.

Van Lennep (1948, 1951) se omskrywing van projeksie kom ooreen met dié van die psigo-analiste, insoverre hy projeksie ook as die oordrag of projekteer van die innerlike toestand van 'n individu op iemand anders sien. Hy omskryf projeksie as wanneer eienskappe, strewinge en gedragswyse deur 'n individu aan ander mense toegeskryf word. Hy stel egter die belangrike voorwaarde dat projeksie alleen op 'n persoon, of skets van 'n persoon kan plaasvind. Die persoon op wie geprojekteer word, moet dien as verdubbeling van die projekteerende persoon: hy moet aan hom gelyk gemaak word. Van Lennep (1951) haal in hierdie verband die woorde van Aeppli aan, dat in projeksie die ander persoon nie 'n ander persoon is nie, maar 'n simbool, 'n inhoudsdraer vir persoonlike psigiese gewenhe.

Van Lennep onderskei ook tussen wat hy noem „projeksie” en „kommunikasie”. 'n Persoon se handskrif kan lig werp op sy persoonlikheid, maar dis nie projeksie

nie. Selfs eienskappe wat 'n ander persoon nie besit nie, maar wat aan hom toegedig word, is ook nie noodwendig projeksie nie, bv. as ek bang is, en ek beskou 'n ander persoon as angswekkend, is dit nog glad nie projeksie nie. (Pelser, 1958).

Van Lennep meen dat, „he repeats himself on a world that can give him nothing new. He does not communicate with another, because this means being open to the difference of another. He uses the other as an analogon of himself, and in so doing, places himself at a distance from the other" (1951, p.153; kursivering deur van Lennep). Hy stel dan dat projeksie nie-kommunikatiewe gedrag is.

Wanneer 'n prent van 'n persoon getoon word met die opdrag om 'n verhaal op te stel, kan die volgende nie-projektiewe uitinge onderskei word:

- (1) Uitdrukkingsverskynsels bv. stembuigings;
- (2) Formele kenmerke van die verhaal bv. die samestelling;
- (3) Die wyse waarop hy die wêreld van die prentjie vir homself organiseer. Dit word die subjektiewe interpretasie van die prent genoem. Dit verskaf wel gegewens van die persoon maar dit is slegs, soos Van Lennep dit stel, kommunikasie.

Amerikaanse outeurs sien projeksie gewoonlik op 'n baie wye vlak. Vir hulle is projeksie alle gedragsuitinge waardeur 'n persoon iets van sy unieke persoonlikheid openbaar. Rapaport (194⁵) stel dit duidelik wanneer hy die projeksiehipotese as volg formuleer: „All behaviour manifestations of the human being, including the least and the most significant, are revealing and expressive of his personality, by which we mean that individual princi-

ple of which he is the carrier". Handskrif, spraak ens. word dus in so 'n opvatting as projeksie gesien.

Bedenkinge kan geopper word oor die nut en bruikbaarheid van so 'n omvattende opvatting van „projeksie". Dié begrip kan byna gelyk gestel word aan „menslike gedrag" of aan „persoonlikheidsuiting". Dit werk eerder verwarring as opheldering in die hand wanneer 'n begrip, wat in ander verbande met 'n heel spesifieke betekenis gebruik word, ook gebruik word in 'n sin waarin dit haas allesomvattend is en in 'n sin waarvoor ander, meer bekende, meer direkte en algemeen bekende terme ook gebruik word. Dergelike terminologiese gebruik is nie bevorderlik vir wetenskaplike werksaamheid nie. Beperking van betekenis, soos in Van Lennep se opvatting, is meer doeltreffend.

Nie alle „Anglo-Amerikaanse" skrywers stel die projeksiehipotese egter in sulke alles-omvattende terme nie. Drever 'n Britse skrywer, stel dit, met verwysing na „projection tests" as: „the interpretation of situations and events, by reading into them our own experiences and feelings" (1952, p.221). Hadley, 'n Amerikaanse skrywer, gee die volgende definisie: „The hypothesis that when presented with an ambiguous stimulus, the subject reveals himself by the characteristics of his response" (1958, p.673). In eersgenoemde aanhaling val die aktiewe doelmatigheid van die proses op, terwyl die beklemtoning van dubbelsinnigheid in Hadley se omskrywing daarop dui dat hy iets heel anders in gedagte het as Rapaport. So kan op ander geskryfte ook gewys word.

Die verskillende sienswyse stem in dié sin ooreen dat projeksie die uitwerp na buite is van 'n innerlike toestand, met slegs dié verskil dat Van Lennep 'n persoon

of 'n skets van 'n persoon as vereiste stel vir die verdubbeling waarsonder projeksie nie kan plaasvind nie.

Aan die hand van bogenoemde beskrywing van projeksie kan ons dit sien, eerstens, as die projekteer van 'n innerlike toestand na buite, en dat dit op 'n persoon geprojekteer moet word. Nie net verdronge materiaal word geprojekteer nie, maar ook die innerlike gesteldheid van die individu. Die doel van die projeksie is om die ego te beskerm teen onaangename belewing, die integriteit te bewaar en minderwaardigheid te vermy. 'n Persoon projekteer dus om homself te handhaaf. Projeksie is 'n middel tot 'n doel. Dit kan bewus of onbewus gedoen word, alhoewel die meeste sielkundiges geneig is om projeksie as 'n onbewuste daad te beskou.

Ekspressie

Die vraag ontstaan of daar enige verband tussen die bewegings van die mens en sy persoonlikheid bestaan. Helberg (1963) sien die verband as volg: Die mens se persoonlikheid het 'n sentrale, dinamiese kern wat uit drifte, wense, begeertes en emosies bestaan en nie vir waarneming sigbaar is nie. Neigings word spontaan in die persoonlikheidskern gevorm, en vanweë die dinamiese aard van die persoonlikheid kom die neigings in die vorm van hierdie bewegings tot uiting. Bewegings is dus ekspressief omdat dit in die kern van die persoonlikheid geaktiveer word. Ekspressie is die sigbaarwording van die innerlike persoonlikheidsstruktuur van die mens. Wellek (1955, aangehaal deur Helberg, 1963) stel dit duidelik: „the inwardness appears outside, that is the meaning of the word expression”.

Die mens is 'n dinamiese wese en verkeer gevolg-

lik selde in 'n statiese toestand. Vanaf die geboorteskreeu, deur die ontwikkeling na volwassenheid en tot op die sterfbed vind ons 'n verskeidenheid van houdinge en bewegings. Hierdie dinamika is uiterlik waarneembaar. Voorbeelde hiervan is die verskillende wyses van loop, staan en sit, die verskillende wyses van uiting gee aan emosies, die verskillende wyses van praat, luister en op die spreker reageer, ens. Daar is 'n geweldige groot verskeidenheid van bewegings (en ook soms van gebrek aan beweging) by die mens waarneembaar, waardeur die dinamiese innerlike gesteldheid tot uiting kom en vir andere waarneembaar word. Die medium waardeur ekspressie plaasvind, is die liggaam; dit vorm 'n brug tussen die ek en die buitewêreld.

Ekspressie is dan die sigbaarwording van die innerlike gesteldheid van die mens deur middel van die liggaam. Ekspressie is die individuele styl. Gee dieselfde materiaal aan 'n aantal persone en elk sal die situasie op sy eie kenmerkende wyse benader in die hantering van gereedskap en organisasie van die besondere situasie. Bewegingspatrone, gebare, ritme en fisiese reaksies sal by elke individu varieer. Ekspressie gee ons nie alleen die „wat” nie, maar ook die „hoe” van die menslike gedrag. Studie van ekspressiewe gedrag sal insig gee in die struktuur, funksie en eenheid van die persoonlikheid.

Innerlike aktiwiteit staan ook in direkte verband met die handhawing van balans tussen die persoon en sy omgewing. As die balans versteur word, is dit bespeurbaar in beweging of gedrag. Die psigoloog probeer die beweging ontdek en in verband bring met die oorsaak van die verskuiwing van die balans. Die ver-

skuiwing laat sy invloed op die persoon. Verlede gedrag bepaal die gedrag van die toekoms, bv. gesigsbeweging gee 'n beeld van die innerlike toestand. Onderzoek van ekspressie is as 'n tegniek vir persoonlikheidsdiagnose betroubaar en geldig vanweë die konstante neiging van die persoonlikheidskern. Deurdadig die persoonlikheid konstante tendense toon, sal ekspressie ook konstante tendense toon en sal 'n persoon neig om konstante bewegings uit te voer. Verskeie skrywers het pogings aangewend om verskillende soorte ekspressie te onderskei. Vir Klages (vgl. Helberg, 1963) is die sogenaamde „uitdrukkingsbeweging" die belangrikste. Teneinde dit skerp te onderskei van ander soorte bewegings, maak hy die volgende indeling: refleksbewegings, drifbewegings, outomatiese bewegings en, laastens, uitdrukkingsbewegings. Laasgenoemde word verder ingedeel in opsetlike en onopsetlike bewegings. Die opsetlike bewegings word deur 'n persoon aangewend wat bewustelik 'n effek wil bereik (vgl. ook die James-Lange-teorie omtrent emosie). Onopsetlike bewegings (Klages noem dit ook „vitale" bewegings), daarenteen, vind outomaties plaas, sonder dat die persoon daaraan aandag gee of daar iets aan kan doen. Albei hierdie tipes uitdrukkingsbewegings kan die persoonlikheid en karakter van 'n persoon weerspieël, hoewel die onopsetlike beweging waarskynlik uit diagnostiese oogpunt waardevoller uitdrukkings bied as die opsetlike.

Enkelvoudige en suiwer bewegings kom egter haas nooit voor nie. Die verskillende soorte bewegings wat in hierdie verband onderskei is deur skrywers, oorvleuel mekaar. Op grond van 'n bespreking van die indelings en standpunte van Buitendijk en Van den Berg, kom Helberg (1963) tot die gevolgtrekking dat alle bewegings van die

menslike liggaam as ekspressie gesien moet word en dat daar net soveel vorme van ekspressie as vorme van gedrag onderskei kan word. Langeveld gee as volg uitdrukking aan dieselfde gedagte: „In zijn beweging, houding, gelaats-expressie, in gekraai, gehuil en gebrul, in taal en in speelmaaksels overal brengt het kind zijn innerlike in aanschouwing". (1957, p.58; aangehaal deur Helberg, 1963).

Verskil tussen Ekspressie en Projeksie

As die eerste punt van onderskeiding kan gestel word dat alle gedragsvorme ekspressie is, maar nie noodwendig projeksie nie. Hierdie stelling is die teenoorge-stelde van die reedsvermelde opvatting wat deur die meeste Amerikaanse outeurs gestel word, nl. dat sodra 'n persoon iets deur liggaamlike beweging openbaar, dit projeksie is.

Projeksie behoort egter gesien te word as 'n doelmatige gedragsvorm wat soms bewustelik, dog meestal onbewustelik uitgevoer word om die ego te beskerm en te handhaaf. Die benamings „verdedigingsmeganisme" en „afweermeganisme" beklemtoon hierdie aspek. Wanneer hierdie verskynsel vir diagnostiese doeleindes benut word, word die persoon voor 'n dubbelsinnige situasie geplaas waarin hy op 'n individueel kenmerkende wyse sy eie gevoelens en ervarings op mense en gebeure in daardie situasie projekteer. Sodoende verkaf hy aan die diagnostikus voorbeelde van die wyse waarop hy homself gewoonlik in sy alledaagse omgewing en funksionering handhaaf en verdedig teenoor probleme en bedreigings.

Hierteenoor, is ekspressie die natuurlike, spontane, gedurige en meestal onwillekeurige liggaamlike uiting van innerlike gesteldhede deur die ganse veelheid van bewegings wat plaasvind wanneer die persoon voor enige situasie

geplaas word. Ekspresie is die natuurlike sigbaarwording van alle innerlike belewinge deur uiterlike beweging. Waar projeksie slegs gebruik word wanneer dit nodig is om die ego te beskerm, is alle beweging ekspresie. Só gesien is projeksie dan 'n onderafdeling en 'n spesiale vorm van ekspresie.

Handskrif as Ekspresievorm

Uit die voorgaande besprekings is dit duidelik dat die persoonlike skryfbeweging wat in handskrif bevestig word, nie as projeksieverskynsel beskou behoort te word nie. Van 'n intensionele optrede om die ego te beskerm, wat as voorvereiste gestel word in verband met projeksie, is daar geen sprake nie, en nog minder van 'n ander persoon wat as simbool, analogon of inhoudsdraer vir persoonlike psigiese gegewenhede kan dien. Handskrif-ondersoek behoort dus nie as 'n „projektiewe" tegniek beskryf te word nie.

Volgens die reeds aangehaalde definisie van Klages, is handskrif die blywende, sigbare resultaat van die persoonlike skryfbeweging. As liggaamlike beweging is die skryfbeweging dus 'n ekspresievorm.

As die definisie van Klages nader beskou word, sien ons dat handskrif blywend is, wat daarop dui dat die handskrifmonsters nie alleen tydsaam bestudeer kan word nie maar ook vir 'n lang tyd geberg kan word en sodoende gedurig byderhand is vir herbesigtiging. In vergelyking met ander ekspresievorme, is hierdie 'n besondere voordeel; by haas geen ander vorm van ekspresie is 'n permanente rekord van die vlugtige verskynsels selfs redelik maklik bekombaar nie. „Blywend" beteken in hierdie verband egter eerder die onveranderbaarheid van handskrif. Na handskrifrypheid op ongeveer vyftienjarige ouderdom bereik

is, vind ons 'n konstante en blywende vorm wat nie van dag tot dag verander nie, selfs nie van jaar tot jaar nie.

Tweëdens is die handskrif sigbaar. Dit is vasgelê op skryfpapier en kan nie verander word nie. Dit kan in 'n duidelike, konkrete vorm bestudeer word, daar is nie 'n element van dubbelsinnigheid of abstraktheid nie.

Derdens is dit die resultaat van iets, naamlik die liggaamlike beweging, dus ekspressie. Wanneer 'n persoon met 'n skryfvoorwerp sekere skrifsimbole maak, word dit as handskrif beskou. Die oorsaak was 'n reeks breinimpulse om 'n gedagte oor te dra, en die gevolg was die innerlike aktivering van sekere spiere, wat met die skryfbeweging gemoeid is, om deur sekere erkende tekens 'n beeld van die gedagte te gee.

Vierdens word die persoonlike aspek van die skryfbeweging beklemtoon. „Persoonlike” dui hier op uniekheid en onderskeid van alle ander handskrifte, as gevolg van die feit dat dit die produk van 'n unieke persoonlikheid is. Handskrifondersoek stel nie belang in die sigbaarwording van die innerlike impulse as sulks nie, maar in die feit dat 'n persoon onbewustelik die gesteldheid van sy innerlike geheelstruktuur deur die skryfbeweging openbaar. Handskrif-ondersoek is dus nie 'n studie van die sigbaarwording van innerlike impulse nie, maar van die verskynsel dat 'n persoon deur die wyse van skryfbeweging sy innerlike gesteldheid openbaar. By handskrif as ekspressie stel ons, met ander woorde, nie belang in die verskynsel dat 'n persoon skryf nie, maar hoe die skryfbeweging uitgevoer word. Handskrif as ekspressie berus op die algemene beginsel dat alle innerlike impulse op kenmerkende wyse deur die skryfbeweging vergestalt word.

Handskrif as ekspressievorm het verder die besondere waarde dat dit 'n onopsetlike liggaamlike uitdrukkingsbeweging is. In sy natuurlike handskrif probeer die persoon nie 'n opsetlike effek verkry nie. Die skrywer is nie letterbewus nie - trouens nie eers woordbewus nie - maar sinbewus. Die aandag word nie bewustelik op die vorming van letters toegespits nie maar op die gedagte wat hy besig is om oor te dra.

Drever definieer Grafologie as: „the science which investigates handwriting, with particular reference to the physical, physiological and personality characteristics of the writer" (1952, p.109) Gewoonlik word dit nie so omvattend opgeneem nie en word die psigiese of karakterlogiese kenmerke veral beklemtoon en verder gewoonlik in diagnostiese verband. Grafologiese bestudering van handskrif as ekspressievorm benader die persoonlikheid as 'n geheelstruktuur, as eenheid wat die hele mens omsluit. Dit hou rekening met die interaksie van die verskillende persoonlikheidsaspekte en onthou hom daarvan om 'n permanente besondere betekenis aan 'n bepaalde grafologiese eienskap toe te ken.

Die beskrywing van Grafologie as 'n „Wetenskap" val op in Europese geskifte. In Amerikaanse geskifte word daaraan eerder die status van 'n tegniek toegeken. Moontlik moet hier gesoek word na verskillende opvattinge omtrent die begrip „wetenskap". Grafologie beskik egter wel oor 'n eie terrein en metodes van ondersoek, die konstantheid van die grafologiese elemente is aangetoon en die geldigheid van grafologiese bevindinge is deeglik ondersoek. Hierbenewens moet egter gestel word dat die Grafologie nie van die Sielkunde, en in 'n geringer mate van die Psigiatrie, los te maak is nie. Sonder deeglike sielkundige kennis

kan geen ware grafologiese ondersoek en beskrywing van individuele persoonlikheidsfunksionering gedoen word nie.

Huidige Posisie van Grafologie

Die Grafologie bevind hom in die eienaardige posisie dat dit as tegniek van persoonlikheidsdiagnose in Europa aanvaar word, veral in Duitsland en Switserland, terwyl Amerikaners krities, skepties en afwysend daarteenoor staan (vgl. Beck, 1958).

In Europa word Grafologie as 'n wetenskaplike en geldige tegniek aanvaar en gebruik, danksy die bydrae van Ludwig Klages. In Duitsland veral word Grafologie intensief beoefen. So vind ons aan elke Duitse universiteit ten volle opgeleide Grafoloë van wie se dienste vryelike gebruik gemaak word. Kursusse in Grafologie vorm 'n integrale deel van akademiese opleiding in Sielkunde terwyl heelwat mediese studente ook kursusse daarin volg. Handelsbanke en ander groot sakeondernemings neem werknemers dikwels nie in diens alvorens 'n volledige grafologiese verslag omtrent so 'n persoon se persoonlikheid ontvang is nie. In Switserland is Grafologie, eweneens, 'n ondersoektegniek wat selfs meer aandag geniet as die Rorschach^h - of ander projektiewe tegnieke. Dit is moontlik omdat studente 'n besonder deeglike opleiding daarin ontvang.

In die V.S.A. het belangstelling en entoesiasme vir Grafologie nie gegroei nie. Grafoloë aldaar het van tyd tot tyd verdienstelike werk gelewer, maar ten spyte hiervan het 'n houding van afsydigheid teenoor Grafologie voortgeduur. Wolfson meen dat: „Charlatanic and unscientific intuitive practices had given it a bad start, and there were very few psychologists who were willing to consider for investigation so debatable and questionable a

technique" (1951, p.420).

Beck (1958) wys ook daarop dat hierdie antipatie aan die gang gehou word deur verwysings in leerboeke na ou en essensieel nie-toepaslike ondersoekinge waarby negatiewe bevindinge gerapporteer is. As voorbeeld verwys hy na 'n ondersoek wat in 1919 deur Hull en Montgomery uitgevoer is en wat in etlike hedendaagse leerboeke aangehaal word as bewys teen Grafologie. By hierdie ondersoek is 'n korrelasie van $-.016$ gevind tussen metings van grafiese tekens soos helling van lyne, wydte van strepe, laterale smalheid van m's en n's, ens. en beoordelings ten opsigte van ambisie, trots en skaamte. Met hierdie verouderde en onwetenskaplike analitiese soort Grafologie kan geen geldige resultate verwag word nie. Netso word 'n ondersoek van Super waarby 'n leke-^ggrafoloog opvoedkundige aanbevelings gemaak het, dikwels aangehaal, nicteenstaande die ongeldigheid van sy ondersoek. Teenoor hierdie ongeldige ondersoeke, is nie noemenswaardige ondersoek ingestel na globale metodes van interpretasie deur deeglik opgeleide wetenskaplike ^ggrafoloë nie.

Wolfson (1951) wys egter op 'n geleidelike toenemende belangstelling ook in die V.S.A. Sy haal die woorde van Murphy as volg aan: „much of the theory of expression offered by contemporary graphologists makes sense and is eminently reasonable The most pressing problem today is not the level of validity but how sound judgements are made and the ways in which they can be extended." (Wolfson, 1951, p.421)

Verskillende Standpunte in Grafologie

In die ontwikkeling van Grafologie tot 'n volwaardige en selfstandige diagnostiese tegniek tref ons die

invloed van verskeie denkrigtings en benaderingswyse aan.

(a) Die Franse Skool

Die belangstelling vir Grafologie het deur die toegewyde en sistematiese studies deur Abbé Flandrin, maar veral Abbé Jean-Hippolyte Michon in Frankryk in 1870⁸⁷¹ posgevat. Michon het duisende handskrifte versamel en 'n sistematiese studie daarvan gemaak. Hy beskou die grafologiese elemente as tekens wat geïnterpreteer moet word as die uiterlike indeks van 'n innerlike attribuut.

Die publikasie van sy analitiese stelsel naamlik „La methode pratique de graphologie" in 1878 het hom wêreldberoemd gemaak. Baie studente het, geïnspireer deur sy werk, in Grafologie begin belang stel. Sy stelsel geniet populêre steun tot ongeveer 1914.

Michon staan vandag bekend as 'n „interpreter of signs". Hy het 'n besondere betekenis aan elke grafologiese element toegeken, en as 'n besondere teken nie aanwesig was nie, het hy die teenoorgestelde betekenis daaraan geheg. Hy het egter ook 'n wet van balans formuleer wat daarop neerkom dat die betekenis van een element nie die betekenis van 'n ander element elimineer nie.

Michon se belangstelling in Grafologie was slegs op die betekenis van die vorm toegespits. Hy het beweging as ekspressie heeltemal links laat lê. Michon se benadering was dus suiwer analities.

Michon se opvolger, J. Crepieux-Jamin het heeltemal van die tekensteorie weggebreek. Hy sien handskrif as 'n geheelheid want elke kenmerk van handskrif dra in 'n meerdere of mindere mate tot hierdie eenheid by. Hierdie konsep staan bekend as die teorie van resultante

as gevolg van die kombinasie en interaksie van die verskillende handskrifelemente.

Die Franse benadering was dus onder leiding van Michon, analities georiënteerd maar onder die invloed van Crepieux-Jamin word die klem van die analitiese na die globale benadering verskuif.

(b) Die Duitse Skool

In die 19de eeu was die Franse die leidende figure in Grafologie in Europa. Aan die begin van die 20ste eeu het die Duitse Grafoloë hierdie rol oorgeneem. Hulle het voortgebou op die werk van Crepieux-Jamin.

Werklike insig in handskrif het die lig gesien as gevolg van werk deur fisioloë en psigiaters. Wilhelm Preyer het die ooreenkoms tussen die hand-, voet- en mondskrif van dieselfde proefpersoon aangetoon. Vir hom was handskrif eintlik breinskrif en 'n sentraal georganiseerde funksie. Sy werk het egter weinig inslag by sy kollegas gevind.

George Meyer, 'n psigiater, het tot die gevolgtrekking gekom na hy die skryfbeweging geanaliseer het, dat skrif nie fisiologies gerig is nie maar psigo-motories. Hy het drie bewegingsfaktore in skrif onderskei, naamlik omvang, spoed en druk maar het eenheid van ekspressie as die belangrikste faktor in die psigo-motoriese funksie beklemtoon.

Onder die invloed van Preyer en Meyer is die „Deutsche graphologische Gesellschaft“ - in 1896 gestig. Klages, 'n lid van die vereniging, sou die leier van die Duitse ⁹grafoloë word. Klages het die bevindings van Preyer en Meyer ten opsigte van die skryfproses en karakterologie in 'n enkele sisteem, die wetenskap van die

ekspressie saamgevat.

Klages het die basiese wette van ekspressie as volg omskryf. Elke ekspressiewe fisiese beweging druk die spanning en dryfvere van die persoonlikheid uit. Vir Klages was daar ook ooreenkoms tussen die verskillende ekspressievorms soos spraak, gesigsuitdrukking en handskrif. Daar was 'n gemeenskaplike vormlaag wat deur die ritme van die persoon se bewegings bepaal is. Ritme was die ondefinieerbare iets wat alleen deur intuïsie bepaal kon word. Die vormlaag van die skrif het die betekenis van die elemente bepaal.

Klages se werk is met entoesiasme in Duitsland ontvang en nagevolg. Dit is ook in die buiteland gelees maar nie soos in Europa nagevolg nie, deurdad min sy werke verstaan het, en ander dit weer te filosofies gevind het.

Klages se uitgangspunt was die geheel-benadering van handskrif met besondere nadruk op die ritme van handskrif wat die vormlaag bepaal het. Handskrifelemente kon alleen beoordeel word na die vormlaag van die skrif bekend was. Sy benadering was teoreties en het 'n sterk beroep op 'n ^ggrafoloog se intuïsie gedoen om 'n geheelbeeld van handskrif te vorm. Hy het psigo-metriese tegnieke verwerp en het alleen sielkundig-georiënteerde persone vir die studie van Grafologie aanbeveel.

(c) Die Hongaarse Skool

Die studie van Grafologie het in Hongarye in 1920 begin. Die Hongaarse ondersoekers het 'n studie van die Franse en Duitse tegnieke gemaak maar het 'n eie onafhanklike rigting ontwikkel. Hongaarse psigoloë en kliniese sielkundiges aan ^uuniversiteite het die studie van Grafologie bevorder. Grafologiese analise wat hulle deur kliniese

metodes en ander sielkundige tegnieke verkry het, is gebruik om bestaande kennis aan te vul.

In 1920 is die Hongaarse Grafologiese Assosiasie gestig en kort daarna 'n instituut vir handskrifnavorsing onder beskerming van die Minister van Onderwys. Die navorsing van individuele ^gGrafoloë is deur die assosiasie gekorreleer en so het die resultate 'n kollektiewe waarde gehad. Om meer objektiwiteit in grafologiese prosedure te kry, is die graphodyn gekonstrueer. Die apparaat is in navorsing gebruik en veral in die ondersoek na die skrifontwikkeling by skoolkinders. Op die wyse is standaardwaardes vasgestel wat gedien het as indekse vir rypheid en verstandelike groei.

Die Hongaarse Grafologie het dus in 'n onafhanklike stelsel ontwikkel, gebaseer op die Franse en Duitse stelsels, wat ook as 'n globale benadering beskou kon word, maar met 'n duidelike neiging om meer objektiwiteit in hulle stelsel te kry deur meer aandag aan psigometrie te gee.

(d) Die Amerikaanse Skool

Amerikaanse grafologiese navorsers het hulle stugkrag van Frankryk en Europa ontvang, waar Grafologie reeds gevestig was en onderskeie denkrigtings bestaan het. Die eerste Amerikaanse sielkundige wat in Grafologie belang gestel het, was June Downey. Op hierdie stadium het die analitiese of tekensteorie oorheers wat nie 'n wyer benadering aangemoedig het nie. Sy het die vergelykende metode gebruik waar evaluering gebaseer is op verskillende ekspressievorms soos die stap en gebare. Haar ondersoek kan gesien word as 'n poging om 'n kriterium van objektiewe meting vir Grafologie te vind.

n Dergelyke studie is deur Vernon en Allport uitgevoer. Hulle het met spoed, grootte, druk, ens. geëksperimenteer. In baie van die eksperimente is van verskillende ekspressie mediums gebruik gemaak, soos bv. albei hande en die voete. Hulle het 'n groot mate van eenvormigheid in die repiterende eksperimente en 'n innerlike konstantheid vir al die bewegings van die individu gevind. Hulle benadering was grafologies soos hulle dit self stel: "consistency of expressive activity, lies not only in the correlation of measures, but in their meaningful interrelation as well" (Roman, 1952).

Afsydigheid teenoor Grafologie het op die stadium sy hoogtepunt bereik weens die analitiese benadering en onwetenskaplike metodes wat deur sommige sielkundiges gebruik is. Analise is aan die hand van die tekensteorie van Michon gemaak en die resultate is met persoonlikheidsrange van studente vergelyk wat nie opgelei was in psigologiese navorsing of Grafologie nie. Ons verwys hier na die Hull- en Montgomeryondersoek.

Saudek (1925), 'n sielkundige van Engeland, wat saam met Allport en Vernon gewerk het, het beseef dat die Amerikaanse afsydigheid alleen uit die weg geruim sou word as hy die spekulatiewe neiging wat in Europa geheers het, vervang met objektiwiteit. Hy het dus eksperimenteel te werk gegaan deur mikroskope, druk-borde en rolprente (slow motion) te gebruik. Hy het handskrifmonsters van persone van verskeie nasionaliteite ondersoek, gebrekklike persone, natuurlike en kunsmatige skrif. Hy het die betekenis van spoed beklemtoon en het die tydskrif "Character and Personality" die lig laat sien wat 'n herlewing van Grafologie in Engeland teweeg gebring het, maar slegs 'n beperkte erkenning in Amerika geniet het. In Duitsland is

sy werk nie met groot geesdrif ontvang nie weens die oorbeklemtoning van eksperimentering met die doel om objektief te meet.

Na Saudek se dood het belangstelling vir die Grafologie in Amerika gekwyn.

In 1942 het 'n progressiewe stap deur Thea S. Lewinson in samewerking met Joseph Zubin gelei tot 'n objektiewer metode van Grafologie. Hulle het 'n skaalsisteem gebruik wat klinies op die handskrifte van normale en abnormale persone toegepas is. Die omslagtigheid om range vas te stel en metings te maak, het meegebring dat slegs 'n aantal van die handskrifmonsters gebruik kon word en dan is dit taamlik twyfelagtig of 'n enkele woord voldoende was om die differensiële handskrifpatrone aan te dui. Dit was nietemin 'n positiewe poging tot objektiwiteit.

Rose Wolfson, wat saam met Lewinson en Zubin gewerk het, het bogenoemde skaalstelsel in 'n eie onafhanklike ondersoek toegepas. Sy het die handskrifte van tienderjariges en jeugafwykendes gebruik en 'n duidelike verskil tussen die twee groepe handskrifte gevind en sy het selfs na 'n jeugafwykende-konstellasie verwys.

'n Resente bydrae is dié van Wolff wat daarna gestreef het om 'n eksperimentele diepte - psigologie, gebaseer op handskrif, daar te stel. Hy het 'n intensiewe studie van die handskrif gemaak deur die handskrifelemente te meet om so 'n inherente verhouding in hulle lengte, posisie en vorm vas te stel. Hy het toe voortgegaan deur te bewys dat grafologiese beweging nie toevallig is nie, maar 'n fundamentele ekspressie. Hy het beweer dat sekere eienskappe permanent in die handskrif aanwesig is. Wolff se mees betekenisvolle bydrae is die bewys wat hy gelewer

het dat grafologiese elemente konstant bly.

Die Amerikaners het dus baie skepties teenoor die spekulatiewe en teoretiese benadering van die Europese Grafoloë gestaan. Hulle erken die geldigheidseise van Grafologie as ekspressiewe vorm, maar soek na 'n objektief-meetbare metode van interpretasie.

Tans bestaan daar dus eintlik net een benaderingswyse tot Grafologie, naamlik die globale metode wat die handskrif as 'n geheeleenheid benader. Die Europese benaderings is teoreties terwyl die Amerikaners 'n objektiewe metode van analise soek.

Ondersoekinge na Geldigheid van Grafologie

Handskrif as 'n vorm van ekspressie impliseer 'n verband met persoonlikheid. Die vraag duik egter op, hoe geldig is die verband tussen 'n persoon se handskrif en sy persoonlikheid.

Handskrif as 'n vorm van ekspressie van persoonlikheid kan alleen geldig wees as dit uniek is, en handskrif kan alleen uniek wees as persoonlikheid, wat dit uitdruk, ook uniek is. Die uniekheid van persoonlikheid word vanweë die verskillende oorerwingsfaktore en omgewingsinvloede algemeen aanvaar. Ons kan dus veronderstel dat waar elke handskrif die ekspressie van 'n unieke persoonlikheid is, elke handskrif dus ook uniek sal wees, met ander woorde, elke handskrif sal sy eie kenmerkende grafologiese elemente hê.

Baie navorsing is oor die veronderstelling naamlik dat handskrif uniek is, gedoen. Die volgende kan bespreek word:

Die vraag het ontstaan of daar so nveelvuldigheid van handskrifteienskappe bestaan, dat handskrifte van mekaar kan verskil. Jacoby (1939) het die moontlikheid ondersoek deur vas te stel op hoeveel verskillende maniere 'n enkele lyn getrek kan word. Tweehonderd i's en w's is van ge- adreseerde koeverte uitgesny en langs mekaar geplak. Na deeglike ondersoek is bevind dat geen twee lyne op dieselfde wyse getrek was nie. Die lyne het verskil in lengte, breedte, skryfhoek, druk ens. Die eksperiment illustreer nie alleen die feit dat elke lyn van die ander verskil het nie, maar gee ons ook 'n idee van die ontsaglike aantal verskille wat by die trek van 'n enkele lyn kan voorkom.

Om die uniekheid van handskrif te bewys, het Jacoby ook die volgende eksperiment gedoen. Hy het ses persone die woorde „Esq” en „Square” op los stukkies papier laat skryf. Beoordelaars is toe gevra om die woordpare uit te soek d.w.s. elke skrywer se „Esq” en „Square” bymekaar te plaas. Baie korrekte plasings is selfs deur leke gemaak, terwyl ⁹grafoloë volkome korrekte plasings gemaak het. Korrekte plasings kon alleen gemaak word op grond van die feit dat die handskrifte van die ses persone ten opsigte van druk, leesbaarheid, reëlmatigheid, verbinding, grootte, wydte, volheid, lang op- en af-tekenings, skryfhoek, spoed van bewegings, spasiëring, kurwes en stygende en dalende lyne van mekaar verskil het.

Jacoby het ook 'n derde eksperiment uitgevoer. Hy het 'n paar hoofletters van 'n proefpersoon A se handskrif uitgesny en dit tussen dieselfde hoofletters van ander persone geplaas. Proefpersoon A is toe gevra om sy hoofletters uit te soek. Na 'n paar minute het hy daarin geslaag. Dieselfde eksperiment is met persone van verskillende geslagte, ouderdomme, sosiale klasse en

nasionaliteite gedoen met dieselfde sukses in elke geval.

Jacoby het die eksperiment hierna heelwat moeiliker gemaak deur onreëlmatige handskrifte wat verskillende vorms van dieselfde letter bevat het te neem. Die letters is uit verskillende dokumente, wat met en op verskillende skryfmateriaal geskryf is, op verskillende tye en onder verskillende gemoedstoestande, geneem. Ten spyte van die moeiliker toets is die regte letter telkens gekies.

Jacoby het ook kinders tussen die ouderdomme van vyf tot twaalf jaar gevra om hulle 5's tussen 100 ander 5's uit te soek. Op enkele uitsonderings na, het die kinders reg gekies en sommige kon selfs die 5's van hulle maats uitwys.

Die Staatsinstituut van Onderwys te Berlyn (aangehaal deur Jacoby, (1939), het in 1929 die volgende eksperimente gedoen. Vyf handskrifte is aan ses Grafoloë gegee om te ontleed. Die persoonlikheidstrekke van die vyf persone is deur vyftien kennisse neergeskryf. Korrelasies het getoon dat 83.5% van die bevindings korrek was.

Arnheim (1928, aangehaal deur Wolff & Precker, 1956) het 'n eksperiment uitgevoer waarin ⁹Grafoloë gevra is om die handskrifte van Michelangelo, Da Vinci en Raphael korrek teenoor persoonlikheidsontledende beskrywings van hulle persoonlikhede te plaas. Hy het 83.6% korrekte ontledings gevind teenoor die 33.3% wat by ewekansige resultate sou voorgekom het.

Bobertag (1929, aangehaal deur Wolff & Precker, 1956) het met 450 parings van persoonlikheidssketse met handskrifmonsters 'n 80.7% korrekte plasing verkry teenoor die 20% wat ewekansigheid sou gegee het.

Theis (1931, aangehaal deur Wolff & Precker, 1956)

het 'n 80-90% juiste beoordeling van handskrif, deur 700 ontleders, gekry. Die meeste negatiewe resultate is verkry waar enkele eienskappe soos die t-streep en die i-kolletjie ten opsigte van persoonlike trekke ondersoek is.

G. van Kugelgen (1928, aangehaal deur Wolff, 1943) het die handskrifte van 48 leerlinge ontleed ten opsigte van nege karaktertrekke, en sy beelde vergelyk met die persoonlikheidsbeskrywing van onderwysers. Hy het 66 korrek weergegee teenoor 20% wat ewekansigheid sou gegee het.

R. Seeseman (Wolff 1943) het 'n 93% korrekte plasing in die diagnose van 20 mynwerkers, vergelyk met die beskrywing van die voormanne, gekry.

Downey (1919, aangehaal deur Wolff 1943) het 70% ooreenkoms gevind in beoordelings gebaseer op stap, gebare en handskrif teenoor die 50% wat ewekansigheid sou gelewer het. ^SHy het die volgende van Grafologie gesê: „Graphic individuality is but a specific example of a pattern that is impressed upon all the expressive movements of a given person.”

Eysenck (1945) het 50 neurotiese pasiënte 'n self-evalueringsvraelys ten opsigte van temperamentele kenmerke laat invul. 'n Grafoloog het toe ook 'n vraelys vir elk van die pasiënte ingevul, soos hy dink dat hulle dit sou invul - gebaseer op hulle handskrifte. Die twee stelle vraelyste is toe vergelyk. Van die 1350 beoordelings sou op grond van ewekansigheid 50% korrekte plasing verwag kon word, maar in die geval is 62% korrek geplaas. Uit die studie van Eysenck het dit geblyk dat sekere persoonlikheidskenmerke meer uitstaan in handskrif as ander. Daar is dus 'n moontlikheid dat sommige handskrifte makliker sal analiseer as ander.

Ten opsigte van 'n analise van die vraelys-vrae

het Eysenck die volgende bevind:

- (1) Die vrae waarmee die Grafoloog die hoogste sukses behaal het, blyk in verband te staan met innerlike onder-
vinding van emosionele stabiliteit en variasie deur die individu.
- (2) Die minste sukses het sy behaal met vrae wat in ver-
band staan met die uitdrukking van sommige van hier-
die ondervindinge tot manifeste gedrag.
- (3) Vrae waarin redelike lae tellings behaal was, dui op
'n onvermoë om 'n persoon se voor- en afkeure in
rasionele intellektuele funksionering aan te dui,
intense voor- en afkeure kan wel aangedui word, maar
nie spesifiek nie.
- (4) Dit is moontlik ^{dat} as vrae volgens funksionele katagorië,
soos emosionele, sosiale, beroeps, ens. saamgestel
word, dit tot 'n metode kan lei wat spesifieke gedrag
met sekere handskrif-konstellasies verbind.

Die Grafoloog het ook 50 handskrif-monsters met
psigiatrisiese persoonlikheidsketse vergelyk in tien groepe
van vyf elk. Ewekansigheid sou een uit vyf korrekte
plasings gegee het, terwyl haar resultate 2.4 uit vyf was.
Eysenck sluit met die volgende gevolgtrekking af:

"Taken altogether these results seem to show fairly con-
clusively that it is possible for a skilled graphologist
to diagnose personality traits from handwriting with better
than chance success".

Harvey (1934) het handskrif op 'n breër vlak
ondersoek deur die volgende aspekte na te gaan:

- (1) Is grafologiese elemente definitief meetbaar?
- (2) Is grafologiese elemente geldig as simbole wat
persoonlikheid uitdruk?

- (3) Wat is die korrelasie tussen Grafologie en ander erken-
de persoonlikheidstegnieke?

Vir sy ondersoek het hy 50 universiteits-damestudente, wie se ouderdomme gewissel het tussen 19 en 24 jaar, gebruik. Om die geldigheid van die grafologiese elemente te ondersoek, moes hy bepaal of daar konstantheid in die grafologiese elemente van die studente se skrif bestaan. Om dit te doen, het hy 20 handskrifmonsters wat 'n geruime tyd vantevore onder gunstige omstandighede geskryf is, geneem en dit met die huidige handskrifmonsters van dieselfde dames, wat onder minder gunstige omstandighede geskryf is, vergelyk. In die vergelyking van die twee groepe monsters het hy baie sorgvuldig te werk gegaan deur, onder andere, van 'n mikroskoop gebruik te maak. Hy het die volgende gevind:

- (1) 'n Betroubaarheids-koëffisiënt wat wissel van .4 tot .8;
- (2) 'n Mediane koëffisiënt vir direkte meting van .77;
- (3) 'n Verhoudingsmeting van .71;
- (4) Sewe verskillende hoogtemetings toon 'n gemiddelde korrelasie van .54;
- (5) Drie spasietings toon 'n korrelasie van .33.

Harvey het hierdie bevindings van hom as belangrik beskou want hy het 'n hoë betroubaarheids-koëffisiënt vir monsters van dieselfde persone wat op verskeie tye geskryf is, gevind. Hierdeur het Harvey nie alleen bewys dat grafologiese elemente objektief meetbaar is nie, maar ook die betroubaarheid daarvan as konstante eksponente wat persoonlikheid uitdruk, bepaal.

Om die korrelasie van Grafologie met ander tegnieke vir persoonlikheidsdiagnose te verkry, het hy

Grafologie vergelyk met Allport se „~~A~~^{sc}ttendance Submission“-skaal en die „Thurstone Personality Schedule“. Ten opsigte van die Allport-skaal het hy bevind dat slegs lynoorvleueling en hoofletterverhoudings hoër as 4 korreleer, terwyl die korrelasie vir die Thurstone Personality Schedule van .4 tot .6 wissel. Harvey het dus beduidende korrelasies tussen Grafologie en hierdie skale gevind. Bogenoemde eksperimente toon dat daar 'n geldige verband tussen handskrif as ekspressievorm en persoonlikheid bestaan, en dat ons handskrif as 'n geldige persoonlikheidsdiagnostiese tegniek kan aanvaar.

Ek bespreek ook kortliks eksperimente wat Wolff gedoen het bv. van die erkenning van eie handskrif.

Werner Wolff (1943) het 'n hele aantal eksperimente met handskrif as 'n ekspressiemiddel uitgevoer. In 'n vergelykende ondersoek het hy handskrif en die stem as ekspressiemiddel ondersoek. In die eksperiment is van 23 studente verwag om 'n sin te skryf. Daarna is dieselfde sin deur die studente hardop gelees, terwyl 'n opname van hulle stemme sonder hulle medewete gemaak is. Op 'n later stadium is drie handskrifmonsters aan elke student gegee, en opnames van die drie stemme is terselfdertyd aan hulle teruggespeel, met die opdrag om die handskrifmonsters en die stemme af te paar. Ewekansigheid vir die eksperiment was een uit drie, terwyl die studente $1\frac{1}{2}$ tot 2 keer beter plasings gemaak het. Daarna is die studente gevra om persoonlikheidsketse op grond van eers die handskrif en daarna die stem te maak. Met hierdie sketse is selfs beter resultate behaal as met die paringseksperiment.

In 'n verdere eksperiment deur Wolff het hy van persone verwag om 'n storie weer te gee wat aan hulle

voorgelees is. Die beoordelaars (studente) het van hierdie weergawes, sowel as handskrifmonsters ontvang met die opdrag om 'n persoonlikheidsbeeld op te bou uit die weergawes van die stories en dit dan by die ooreenkomstige handskrifte te plaas. Die studente het korrekter uitslae bepaal as wat deur ewekansigheid aangedui is.

Wolff (1943) het ook die volgende eksperimente ten opsigte van die herkenning en evaluering van eie handskrifte uitgevoer. Om direkte herkenning, as die skrif in normale vorm aangebied word, te voorkom, het hy van spieëlskrifaanbieding gebruik gemaak. Hy het gevind dat spieëlskrifaanbieding geldig is want 'n groep studente wat spieëlskrif evalueer het, se beskrywings het ooreengekom met evaluering van 'n ander groep studente wat dieselfde monsters in 'n normale vorm evalueer het.

Sy bevindings ten opsigte van die spieëlskrifvorm van aanbieding was dat 69% van die 20 studente bekende skrif van kennisse betreklik gou uitgeken het, maar dat slegs 15% van die studente hulle eie handskrifte herken het, en dan was dit te wyte aan uitstaande lettervorme.

In 'n verdere eksperiment met 20 studente het Wolff hulle handskrifmonsters met 'n tagistokoop aan hulle vertoon. Hy het veral op die volgende gelet:

- (1) Die herkenning van eie handskrif;
- (2) die eienskappe van beoordeling, waarin hy positiewe, negatiewe en neutrale reaksies onderskei het;
- (3) die proses van onderskeiding.

Sy bevinding was as volg:

- (1) Ten opsigte van die herkenning van handskrif het hy gevind dat in ongeveer 85% van die gevalle het die studente nie hulle eie handskrifte herken nie. Die studente het selfs die bekende handskrifte van kennisse

voor hulle eie herken.

(2) Ten opsigte van die aspekte van beoordelings het hy bevind dat baie meer positiewe en emosioneel gekleurde reaksies as negatiewe en afsydige reaksie by die onbewuste self-evaluering deur handskrif gemanifesteer is. In die evaluering van die handskrif van ander persone is die teenoorgestelde reaksies gevind.

(3) Ten opsigte van die proses van selferkenning het hy bevind dat dit as volg verloop:

Eerstens, is die vertoonde voorwerp as 'n handskrifmonster herken. Tweedens, is die algemene vorm van die handskrif, soos die aantal lyne, helling ens. waargeneem, derdens, die ekspressiewaarde en karakterisering, vierdens, die inhoud van die skrif en, vyfde, die identifisering van die skrif.

Hieruit lei ons af dat die ekspressiewaarde van handskrif voor die inhoud en identifisering van die handskrif waargeneem is, met ander woorde, die ingewikkelde ekspressiepatroon is voor die eenvoudiger identifiserings-eienskappe soos die besondere vorm van 'n letter waargeneem.

In 'n ander eksperiment het Wolff bevind dat studente wat onervare ten opsigte van handskrifanalise was, 'n betreklik juiste persoonlikheidskets uit handskrif kon maak, maar sodra hulle eie handskrifmonsters aan hulle voorgelê is, het hulle eienaardige gedrag openbaar, wat as weerstand beskryf kon word, soos die skielike moeg word vir die eksperiment, potlood wat breek ens. Wolff het ook gevind dat hoe meer resent die skrifmonster was wat die student moes evalueer, hoe sterker was die weerstand.

Wolff het die volgende opmerkings ten opsigte van

bevindings in bogenoemde eksperimente gemaak:

- (1) Studente het in 85% van die gevalle 'n onvermoë getoon om hulle eie handskrifmonsters te herken.
- (2) Hy het by die studente weerstand aangetref wanneer hulle onbewustelik of bewustelik hulle eie handskrifmonsters moes beoordeel.
- (3) Self-evaluering was altyd gunstiger of ongunstiger as die evaluering deur of van ander persone.
- (4) Self-evaluering was emosioneel meer beklemtoon as alle ander evaluerings.
- (5) Onbewustelike evaluering was meer betekenisvol as bewuste evaluering.

Wolff bied verskeie verklarings vir die verskynsels aan. Eerstens, behandel hy die gebrek aan herkenning van die eie handskrif. Hy het die moontlikheid of eksterne omstandighede, soos die vorm van aanbidding, nie dalk herkenning beïnvloed het nie, ondersoek. Het die bandopname nie dalk sekere kwaliteite van die stem verlore laat gaan nie, of het die spieëlskrifvorm van aanbidding nie dalk selfherkenning bemoeilik nie? Hy het egter direk die moontlikheid verwerp want waar sommige persone nie hulle eie monsters herken het nie, het hulle daarin geslaag om kennis se monsters te herken. Was die persoon se gebrek aan intieme kennis van sy monsters, soos gesigsuitdruk en handskrif nie dalk die oorsaak vir die onvermoë om te herken nie? Wolff het ook hierdie moontlikheid as oorsaak verwerp want by al die ekspressievorms het hy 'n onvermoë by die groot meerderheid studente aangetref om hulle ekspressievorms te herken, ten spyte daarvan dat die studente met sekere ekspressievorms soos die stem meer vertrouwd was as met ander vorms soos die handskrif.

Wolff het eksterne faktore as die oorsaak verwerp en het daarna die moontlikheid van intra-persoonlike dinamiese faktore ondersoek wat selfidentifisering verhoed, maar selfbeoordeling stimuleer.

'n Persoon sien homself meer as 'n eenheid, terwyl hy ander mense meer analities beskou. Nou mag dit wees dat die wyse waarop die ekspressievorms aangebied is 'n versteuring veroorsaak het wat selfherkenning belemmer. Hy het tekens hiervan tot so 'n mate aangetref dat die intensiteit van gunstige en ongunstige evaluering in direkte verhouding tot die graad van versteuring van die ekspressievorm staan.

'n Persoon het 'n sekere beeld van homself, maar as hy sy ekspressievorm sien, verskil dit sodanig van sy eie beeld, dat verbeelding of delusies as inhiberende faktore optree. Dink maar net hoe verbaas 'n persoon soms voor 'n foto van homself staan. As die verskil tussen die twee beelde naamlik sy innerlike eie beeld en die realistiese beeld die oorsaak vir emosionele spanning is mag ons aanvaar dat die onvermoë tot selfherkenning weerstand teen selfherkenning is. Die rede vir die weerstand, (ons vind dit ook in bewuste selfevaluering), is die ego-ideaal. Die werklikheid, dit is die beeld wat die persoon in die ekspressievorm sien, sal die ideaal versteur daarom word die werklikheid geïgnoreer of onderdruk. Die invloed van die ego-ideaal is ook sigbaar in die positiewe en negatiewe evaluering.

Die vraag ontstaan nou of hierdie veronderstelde fenomene dalk in 'n dinamiese verhouding tot mekaar staan en indien dit die geval is, is daar drie maniere waar hulle mekaar kan beïnvloed:

- (1) Gebrek aan selfherkenning veroorsaak emosionele self-evaluasie.
- (2) Emosionele selfevaluasie veroorsaak onvermoë tot selfherkenning.
- (3) Onvermoë tot selfherkenning en emosionele evaluering mag twee homogene reaksies wees wat afhanklik van 'n derde faktor is.

Wolff sit dit as volg uiteen:

(1) 'n Persoon wat sy ekspressievorm sien, mag so teleurgesteld wees omdat sy innerlike beeld soveel van sy realistiese beeld verskil dat hy homself nie herken nie, maar dan projekteer hy sy wense in die vorm van oor-evaluering en sy vrese as onder-evaluering.

Die persoon mag ook 'n vae vermoede gehad het dat die ekspressievorm sy eie is, en die suspisie wat gewoonlik net onder die bewustelike vlak lê, wek 'n emosie wat bewustelike herkenning bemoeilik.

(2) Die waarneming van die ekspressievorm mag 'n aangename gevoel wek, maar nederigheid inhibeer identifikasie van die self. 'n Gevoel van teleurstelling daarenteen aktiveer selfhandhawing wat dan self-identifikasie verhoed.

(3) Onvermoë tot selfherkenning en 'n emosionele houding in self-evaluering mag ekwivalente simptome van 'n enkele skok wees, naamlik weerstand en emosie wat gelyktydig voorkom. Die skakel tussen weerstand en emosie is 'n psigiese fenomen^{on} wat voorkom wanneer die ego bedreig word, naamlik die selfgeldingsdrang.

Bogenoemde eksperimente van Wolff bevestig verder die geldigheid van Grafologie. Die feit dat persone, eerstens, 'n onvermoë tot herkenning en, tweedens, 'n

emosionele reaksie by evaluering van hulle eie monsters toon, is 'n aanduiding dat die persone 'n realistiese beeld van hulleself in hulle monsters gesien het. As ekspressievorm het handskrif dus die vermoë om persoonlikheid uit te druk.

Voordele van Grafologie bo Ander Tegnieke

Grafologie as diagnostiese tegniek het sekere voordele bo ander persoonlikheidstegnieke soos die Rorschach en die T.A.T. Die volgende kan, aan die hand van Olyanova (1960) vermeld word.

(1) Handskrif word daagliks deur die meeste mense beoefen, dit vorm deel van die daaglikse roetine, is feitlik 'n gewoonte, en as sulks is dit 'n spontane en kenmerkende ekspressievorm wat besonder geskik is vir ontleding. Daar is geen poging tot doelbewuste mooiskryf nie, selfs al sou 'n persoon weet dat 'n analise van sy handskrif gemaak gaan word. In die Rorschach- en ander tegnieke, daarenteen, waar 'n formele toetsituasie ontstaan, is die persoon bewus dat hy getoets gaan word en mag daar pogings wees tot die voorsit van die beste voet of die verstreking van sogenaamde regte antwoorde. Die persoon mag ook traag wees om die toets uit te voer, gebrek aan belangstelling toon of selfs ongeduldig raak.

(2) Grafologie het ook die voordeel dat dit binne en buite die veld van die Sielkunde gebruik word: Binne die Sielkunde as 'n tegniek van persoonlikheidsdiagnose; daar buite word Grafologie deur die geregswese ten opsigte van vervalste handskrif en handtekening gebruik. Die handelswêreld gebruik grafologiese verslae in verband met persone wat hulle in diens wil neem.

(3) Grafologie is ontwikkel om normale variasies van die persoonlikheid te evalueer, alhoewel dit ook die patologiese toestand van 'n persoonlikheid kan blootlê. Ander tegnieke soos die Rorschach en die T.A.T. is onder kliniese omstandighede ontwikkel met die doel om die patologiese gesteldheid van persoonlikheid te meet.

Olyanova (1960) beweer dat ^{die} Rorschach geneig is om afwykings te ontbloot terwyl positiewe kenmerke oor die hoof gesien word. Die beswaar kan nie teen Grafologie ingebring word nie.

(4) Grafologie word toegepas sonder die gebruik van gespesialiseerde apparaat en ingewikkelde puntetoekenning, wat wel die geval is by veral die Rorschach. Grafologie as tegniek kan ook makliker aangeleer word as wat die geval met die Rorschach is.

(5) Deurdat handskrif deel vorm van die mens se daaglikse bestaan, verstaan die mens meer daarvan as wat bewustelik besef word. Wanneer 'n persoon 'n grafologiese studie onderneem, put hy dus ^{uit} ~~op~~ 'n leeftyd van onbewuste waarneming van handskrifte van kennisse of die persoonlikheidskenmerke wat hy so goed ken.

'n Persoon se teenwoordigheid is nie noodsaaklik by die toepassing van die grafologiese tegniek nie, deurdat 'n handskrifmonster gewoonlik maklik verkry kan word. Baie tyd word hierdeur bespaar. As 'n monster nie beskikbaar is nie, neem dit slegs 'n paar minute om dit in die hande te kry.

Besware teen Grafologie

Alhoewel Grafologie die toets van geldigheids-eksperimentering betreklik goed deurstaan het, moet die volgende besware van skeptici in oënskou geneem word.

(1) Handskrif is die resultaat van die skoolmodel

Daar word beweer dat handskrif nie die uitdrukking van persoonlikheid is nie, omdat handskrif nie individueel ontwikkel is nie. Sommige kinders volg die skoolmodel, terwyl ander weer die voorbeeld van die onderwyser volg. Skrif is dan niks anders as aangeleerde vorms nie, en kinders in dieselfde klas se skrif sal in alle opsigte ooreenstem. Hierdie bewering word baie maklik weerlê deur praktiese ondersoeke, want kinders in dieselfde klas se handskrifte verskil selfs gedurende die eerste jaar al. Die verskille word nie slegs gehandhaaf nie, maar neem toe namate die kind ouer word. Selfs in skoonskrif waar die kinders hard probeer om volgens die voorgeskrewe model te skryf, word die verskille al opgemerk, wat selfs in drukskrif merkbaar is.

Die skoolmodel moet egter in aanmerking geneem word, veral waar dit verskil van dié waarmee die Grafoloog vertrou is. Die meeste bewoners van dieselfde land volg dieselfde skoolmodel. Sommige persone hou langer aan die skoolmodel, maar na sowat 20 jaar wyk hulle gewoonlik af. Hoe oorspronklikker die handskrif, hoe verder is die afwyking.

(2) Die Handskrif van 'n ongeletterde persoon druk in 'n mindere mate persoonlikheid uit as die van 'n geletterde persoon.

Hierdie beswaar is gegrond, maar is swak geformuleer. 'n Ongeletterde se handskrif word dikwels as onryp geïnterpreteer wat natuurlik foutief is, want die ongeletterde se handskrif is ryp en kan aan Grafologie onderwerp word. Waar handskrif onryp is, kan dit nie deur Grafologie interpreteer word nie. Dit kom ~~egter~~ selde by volwassenes voor, maar by kinders speel dit wel 'n rol.

(3) Handskrif kan alleen persoonlikheid uitdruk as die skrywer in sy moedertaal skryf.

Hierdie beswaar is gegrond. As 'n Engelsman in Russies skryf en hy nie Russiese grafiese rypheid bereik het nie, kan sy handskrif nie deur Grafoloë interpreteer word nie. Die skrif sal dan as onryp beskou word. Die Grafoloog moet die nasionaliteit en die taal van die skrywer ken.

(4) Grafologie kan nie 'n ontleding van die handskrif van 'n vreemde model bv. Sjinees maak nie.

Dit is 'n geldige beswaar as die Grafoloog nie toegerus is of ondervinding het in die beoordeling van die skryfmodel van ander nasies nie. Wanneer 'n Suid-Afrikaanse Grafoloog die handskrif van 'n Fransman wil ontleed, moet hy aan die volgende vereistes voldoen.

- (i) Hy moet 'n deelike kennis van die Franse skoolmodel hê
- (ii) Hy moet vertrouwd wees met die skryfgereedskap
- (iii) Hy moet duisende Franse handskrifte bestudeer om sodoende die gemiddelde handskrif te leer ken. Dieselfde vereiste geld ook vir die interpretasie van snelskrif en dokumente uit die vorige eeu.

(5) 'n „Swaar" hand moet noodwendig 'n swaar handskrif tot gevolg hê.

Dit word geredelik toegegee dat handskrif spierbeweging is, maar handskrif is nie fisies gerig nie, ^{dit} ~~maar~~ is die resultaat van 'n innerlike impuls. Die druk van die skrif sal dus van die aard van die innerlike impuls afhang, en nie van die aard van die spiere nie.

Sterk, gespierde persone lewer nie noodwendig 'n swaar skrif nie, hulle mag met 'n baie ligte druk skryf

terwyl skraal persone soms 'n swaardruk-skrif het.

Wanneer fisiologiese strukture, soos beseerde vingers, of dele van die serebrum beskadig is, kan dit handskrif beïnvloed en gevolglik ook die interpretasie daarvan. Simptome van direkte beserings is: ligte of sterk bewerigheid, swak koördinasie van spierbewegings, en poses in die skryfbeweging. Daar mag ook indirekte steurings wees soos verandering in die lig en donker skakerings van die skrif wat veroorsaak word deur endokriniese siekte.

(6) Handschrift hang af van die skryfmateriaal

Skryfmateriaal kan wel 'n invloed op handskrif uitoefen: 'n gladde of growwe skryfoppervlakte, 'n swak penpunt, die ink, grootte van die skryfoppervlakte, die posisie van die bank, tafel, ligtoestande, steurende invloede van buite is almal faktore wat die skryfbeweging kan beïnvloed. Voor die grafoloog dus 'n handskrif ontleed, moet hy die toestande wat tydens die skryfaksie geheers het, ondersoek.

(7) Sekere letters in die skrif is nageboots

Die beswaar word geopper dat sekere handskrifeienskappe 'n aangeleerde gewoonte is en dus nie geldig sal wees vir die interpretasie van persoonlikheid uit handskrif nie. Soms erken 'n skrywer dat hy een of ander eienskap van iemand anders se handskrif nageboots het, hoofsaaklik omdat hy daarvan hou. Die verskynsel is op sigself al insiggewend. Gewoonlik tref ons hierdie verskynsel by skoolseuns aan, maar dit verdwyn gewoonlik weer na 'n rukkie. Tydens adolessensie kom die verskynsel ook dikwels voor, en as dit voortduur, is dit 'n kenmerk van 'n strewe na persoonlike uitdrukking, gevolg-

lik sal die ^ggrafoloog die korrekte interpretasie maak. As daar egter intense nabootsing van 'n ouer, onderwyser of ouer broers of susters voorkom, is dit nie 'n geval van opsetlike nabootsing nie, maar 'n onbewuste identifikasie van die kind met die persoon wat hy naboots.

(8) 'n Persoon kan sy handskrif verander

Op die oog lyk die beswaar geldig, maar die teen-deel is bewys. Handskrif kan tot 'n sekere mate verander word, maar slegs vir 'n bepaalde tydperk. Na 'n paar reëls keer die skrywer terug na sy oorspronklike skrif. Dit geskied onbewus. Die terugkeer is eers sporadies, maar neem toe namate die skrywer moeg word en sy konsentrasie afneem. Wat egter van groter belang is, is die feit dat die skrywer nooit sy skrif algeheel verander nie. Die mees ooglopende kenmerke soos die hoek, hoofletters, vorm van die lang letters en die grootte van die skrif word verander, maar die minder ooglopende kenmerke, bv. die verbindings van die klein letters u, n, m, o, i, en spasiëring word nie verander nie. Die meeste mense is natuurlik nie bewus van die belangrikheid van dié aspekte nie. Die ^ggrafoloog merk direk die verskille, want dit is dan nie logies en ritmies nie. Die kunsmatigheid staan duidelik uit. As kleiner monsters beskikbaar is, soos die geval van 'n handtekening alleen, is die posisie wel moeiliker.

(9) Handskrif verander met ouderdom en van dag tot dag

Handskrif kan verander, veral gedurende adolesensie omdat dit saamval met karaktervorming. Met ouderdom word die persoon ryper, sy karakter ontwikkel en dit word duidelik in sy handskrif uitgebeeld, want die handskrif ontwikkel ook; dit is dus nie 'n verandering nie maar 'n

ontwikkeling van handskrif. Die basiese eienskappe bly dieselfde. 'n Persoon van 40 jaar se handskrif verskil ~~✓~~ van toe hy 20 jaar was, maar hyself en sy familie herken die handskrif van vroeër jare. Die ontwikkeling van handskrif is 'n waardevolle middel vir die grafoloog want so kan hy die karakterontwikkeling volg.

Verskille a.g.v. wisselende gemoedstoestande kan voorkom, maar ook hier verander die basiese eienskappe nie. Die beswaar versterk eerder die saak van Grafologie want duidelike gemoedstoestande word herken en gee so 'n verdere beeld van persoonlikheid. As die ^g~~g~~ grafoloog die handskrif goed ken, kan hy die gemoedstoestand van die skrywer aandui.

(10) Die onvermoë van Grafologie om die ouderdom en geslag van die skrywer te bepaal.

'n Verdere beswaar teen Grafologie is dat dit nie ouderdom en die geslag van die skrywer kan bepaal nie. Die verklaring vind ons in die veranderlikheid van die menslike natuur. 'n Kind mag besonder vroeg rypheid toon, terwyl vele volwassenes onryp is. 'n Man mag vroulike eienskappe besit en 'n vrou manlike eienskappe. Die ^g~~g~~ grafoloog het dus addisionele gegewens nodig om die geslag te bepaal.

Beperkinge van Grafologie

Soos enige ander tegniek, toon Grafologie ook sekere leemtes.

- (1) 'n Persoon wat nie handskrif-rypheid bereik het nie, se handskrif kan nie ontleed word nie.
- (2) Bejaarde mense (en persone wat spierbeheer verloor het) se skrif kan nie ontleed word nie.
- (3) Siekte kan ook die interpretasie van handskrif

beïnvloed. Dit hang af van die aard en die erns van die siekte. Dit is dus raadsaam om voorbeelde van skrif onder verskeie omstandighede te neem.

Behalwe bogenoemde tekortkomings het die Grafologie ook sekere beperkings. Grafologie kan alleen simbole analiseer waarmee dit vertrouwd is. Alhoewel die verskil tussen simbole nie groot is nie, het elke land tog sy eie kenmerkende handskrif. Selfs lande wat die Latynse letters aangeneem het, toon verskille in handskrif, as gevolg van die verskillende skoolmodelle wat gevolg word. Afgesien van indiwiduele verskille by lode van dieselfde nasie is daar verder ook karaktertrekke wat van nasie, tot nasie verskil. So verskil die nasionale karakter van die Engelsman, die Duitser en die Amerikaner.

Bevolkingsgroepe in dieselfde land, bv. Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in Suid-Afrika se handskrifte verskil wat sekere aspekte betref, alhoewel dieselfde skoolmodel gevolg is. Ten spyte van hierdie verskille toon die Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners se handskrifte egter eienskappe inherent aan die Suid-Afrikaanse handskrif, wat bv. nie in die Hollandse of Britse skrif voorkom nie.

Doel van Huidige Studie

In die huidige ondersoek is van die standpunt uitgegaan dat Grafologie 'n wetenskaplike en geldige tegniek van persoonlikheidsondersoek deur middel van handskrif is. Dit impliseer dat 'n betreklike akkurate ontleding van die persoonlikheid uit die handskrifeienskappe gemaak kan word.

Vir die studie is die handskrifte van 'n groep misdadigers en die handskrifte van 'n groep studente

ondersoek met die doel om vas te stel of die misdadigersgroep se handskrifte 'n beduidende afwyking toon van dié van die studente.

Indien die persoonlikheid van die misdadiger 'n wesenlike of selfs 'n redelike verskil van die student se persoonlikheid sou toon, en die verskille in die handskrif gemanifesteer is, sou daar 'n beduidende verskil of afwyking wees ten opsigte van die eienskappe wat vergelyk is. In geval van negatiewe resultate sou dit 'n bewys wees dat die Grafologie, soos in die ondersoek toegepas, nie wetenskaplik was nie of dat die misdadigerspersoonlikheid nie van die studente se persoonlikheid verskil nie, of dat die verskille nie in die handskrifte gemanifesteer is nie.

Indien positiewe resultate gevind sou word, sou die waarde van die ondersoek wees dat dit 'n aanduiding sou gee in watter van die eienskappe wat ondersoek is, die misdadiger neig om beduidend af te wyk. Uit die eienskappe, waar 'n beduidende afwyking vir die misdadigersgroep gevind is, kan 'n bepaalde konstellasie opgestel word, waarvan weer 'n persoonlikheidsbeeld afgelei kan word, wat beskrywe mag word as soortgelyk aan dié wat by sommige misdadigers aangetref word.

Die volgende handskrifteienskappe is gebruik: Laagklas, spoed, reëlmatigheid, grootte van sones, skryfhoek, vorms van verbinding, graad van verbinding, vereenvoudigings, stygende of dalende lyne, linker^khandse kantspasie en eienskappe van oneerlikheid. Die eienskappe, dikte en dunheid, druk en volheid is nie ondersoek nie deurdat die nodige instrumente (grafodyn vir druk) nie beskikbaar was nie. Volheid is nie ondersoek nie deurdat dit grootliks die eienskap grootte oorvleuel.

HOOFSTUK II

M E T O D E

Proefpersone

Die huidige studie beslaan die ondersoek van die handskrifte van 100 misdadigers en 100 toevallig gekose studente. Die misdadigersgroep (M-groep) was afkomstig van die Pretoriase Sentrale Gevangenis. Slegs persone wat ten minste vyf keer weens 'n kriminele oortreding gevonnis is, is in hierdie groep ingesluit. Die groep het slegs uit manlike persone bestaan. Die gemiddelde ouderdom van hierdie groep was 34.4 jaar (standaardafwyking = 6.4). Die gemiddelde opvoedkundige peil van hierdie groep was 7.6 jaar (standaardafwyking = 1.8).

Die studente (S-groep) was aan die Pretoriase Onderwyskollege verbonde. Die groep het beide mans ($n = 56$) en dames ($n = 44$) ingesluit. Geeneen van hierdie persone het 'n kriminele rekord gehad nie. Die gemiddelde ouderdom van die groep was 21.4 jaar (standaardafwyking = 5.1). Die groep het 64 eerstejaar en 36 tweedejaarstudente ingesluit. Die gemiddelde opvoedkundige peil van die groep was dus 13.5 jaar (standaardafwyking = .85).

Die verskille tussen die twee groepe ten opsigte van gemiddelde ouderdomme ($t = 15.8$) en opvoedkundige peil ($t = 28.8$) was beide beduidend by die .001-grens.

Die volgende aspekte, naamlik skrifrypheid, onderwyspeil en ouderdom wat vir die twee groepe nie gelyk was nie en wat moontlik 'n invloed op die resultate van die

ondersoek kon uitgeoefen het, word bespreek om aan te dui dat dit onwaarskynlik is dat die aspekte die ondersoek be-invloed het.

(1) Skrifrypheid:

Die verskil in die onderwyspeil veronderstel dat die misdadiger minder geleentheid tot die skryfbeweging gehad het, en dit mag die indruk wek dat die misdadiger n laer vlak van ^ggrafologiese rypheid bereik het, wat dus die ondersoeker mag be-invloed het.

Die enigste vereiste wat Grafologie aan handskrif stel, is rypheid. Sodra handskrifrypheid bereik is, word handskrif as n geldige ekspressievorm beskou. Al die monsters wat in die ondersoek gebruik is, het rypheid getoon; gevolglik het rypheid van handskrif nie n invloed op die ondersoek gehad nie.

(2) Onderwyspeil:

Die verskil in die onderwyspeil wat by die groepe gevind is, kon ook nie die ondersoek beïnvloed het nie, want na ^ggrafologiese rypheid bereik is, is handskrif n geldige ekspressievorm van persoonlikheid. Meer geleentheid tot die skryfbeweging, wat die logiese gevolg is van n hoër onderwyspeil, maak handskrif nie n geldiger ekspressievorm nie. Hier kan hoogstens van n meer geletterde handskrif gepraat word, maar dit impliseer nie dat die handskrif n geldiger ekspressievorm as die minder geletterde handskrif is nie, mits albei grafologiese rypheid bereik het.

(3) Ouderdom:

Aangesien aanvaar kan word dat albei groepe volwassenheid bereik het, wat konstantheid van persoonlikheid en gevolglik ook konstantheid van handskrif as ekspressievorm

impliseer, is dit onwaarskynlik dat die ouderdomsverskil van die twee groepe n invloed op die resultate van die ondersoek uitgeoefen het.

Verkryging van skrifmonsters.

Die misdadigers is gevra om die redes vir die misdade wat hulle gepleeg het, neer te skryf. Daar is gepoog om die misdadigers nie die doel van die skrywe te laat vermoed nie. Gevolglik was die skrif spontaan, gemaklik, ongeforseerd en sonder pogings tot mooi-skryf. Die monsters is individueel afgeneem. Die kandidate het gemaklik gesit en skryf. Voldoende tyd is toegelaat sodat elkeen teen sy natuurlike spoed n bladsy kon vol skryf.

Die studente is gevra om n kritiese bespreking van hulle kursusse te lewer. Die skrif was spontaan en gemaklik. Daar was geen vermoede van die werklike doel van die skrif nie. Die monsters is groeps-gewyse afgeneem.

Ongelinieerde papier van n goeie gehalte is aan albei groepe voorsien. Aangesien druk en dikte van skrif nie ondersoek sou word nie, is elke proefpersoon toegelaat om met sy eie pen te skryf. (Elke proefpersoon was dus vertrouwd met sy pen)

Verwerking van gegewens.

Die protokolle van die twee groepe is in afsonderlike reekse : genommer, ^dDie misdadigers M1-M100 en die studente S1-S100. Die protokolle is daarna volgens die verskillende kriteria gemeet of beoordeel en op grond daarvan in verskillende klasse geplaas.

Die subjektiwiteit van die ondersoeker moet in

hierdie verband genoem word. Sover as moontlik is daar gekonsentreer op die objektief meetbare eienskappe van handskrif. Tog kon die subjektiewe faktor nie uitgeskakel word nie, soos in die eienskappe, laagklas, spoed, vereenvoudigings, graad van verbindings, soort verbindings nie. Met hierdie beperking in gedagte, is daar dus deurgaans gepoog om so objektief moontlik te beoordeel.

Op een uitsondering na, is die verskillende ^ggrafologiese kenmerke sonder voorveronderstellings ondersoek, waarby slegs nagegaan is of daar tussen die M- en S-groepe verskille ten opsigte van die onderhawige kenmerke aanwesig was. In die geval van die laaste kategorie, naamlik kenmerke van onoorlikheid is n gerigte hipotese gestel, naamlik dat die M-groep meer van hierdie kenmerk sou toon as die S-groep. Die verskille is statisties ontleeft, met die Chi-kwadraat-toets (Siegel 1956).

Handskrifeienskappe wat ondersoek is.

In hierdie ondersoek is hoofsaaklik gebruik gemaak van die grafologiese stelsel van Jacoby (1939) en tot n mindere mate van Klages (1917) en Wijnholds (s.j.) se stelsels.

Jacoby (1939) se stelsel is gebruik waar die eienskappe van reëlmatigheid, spoed, grootte, skryfhoek, graad van verbinding, soort van verbinding, vereenvoudiging, stygende en dalende lyne en linker^khandse kantspasie ^t ondersoek is.

Wijnholds (s.j.) se grafologiese stelsel is vir die ondersoek van die eienskappe van onoorlikheid gebruik, terwyl Klages (1917) se stelsel gebruik is om die laagklas van die monsters te bepaal.

Die besonderhede omtrent elke eienskap word nie volledig beskryf en bespreek nie, aangesien dit n leerboek vir Grafologie tot gevolg sou hê. Onderstaande beskrywings is dus hoogs kursories.

1. Laagklas.

By die beoordeling van die laagklas van skrif is van die volgende kriteria gebruik gemaak:

(i) Oortollige bewegings.

Die eerste twintig reëls van elke handskrif is vir oortollige bewegings ondersoek. Indien drie letters oortollige bewegings getoon het, is die skrif as sodanig geklasifiseer. Dit was nie nodig om vas te stel of sodanige letters verder in die skrif herhaal is nie, want as oortollige bewegings eenmaal gebruik is, word dit elke keer daarna weer gebruik.

(ii) Terugbewegings:

Indien in drie letters terugbewegings gevind is, waar dit normaalweg nie voorkom nie, of waar die erkende linkse beweging oorbeklemtoon is, is die skrif as sodanig geklasifiseer.

(iii) Spontane letterformasie.

Hier is gelet of die proefpersone van die skoolmodel afgewyk het, en tot watter mate hulle skrif oorspronklikheid en vereenvoudigings aangetoon het. Die beoordeling kon in die geval nie suiwer objektief geskied nie. Die beoordelings is nogtans so objektief moontlik gedoen.

(iv) Spasiëring:

Met spasiëring word die verspreiding van letters, woorde en sinne oor die skryfoppervlakte bedoel. Hier is dus gelet op die letter-, woord-, en lynverspreiding.

Die indeling tot hoë-, middel- en laeklas is soos volg gedoen:

Hoëklas: As geen van bogenoemde eienskappe in die handskrif voorkom.

Middelklas: As een tot drie van die eienskappe voorkom.

Laeklas: As die handskrif alvier die eienskappe toon.

2. Spood.

Die volgende kriteria is gebruik om die monsters ten opsigte van spood te ondersoek:

- (i) Gelyke, gemaklike en ononderbroke lyne. As twee van die vereistes in 'n monster voorgekom het, is die skrif as vinnig geplaas.
- (ii) Letters soos u, n, m, en w wat so gevorm word dat hulle wyer is as wat hulle hoog is.
- (iii) As die t-streep en die i-kolletjie hoog en regs geplaas is.
- (iv) As die letters aan die einde van die woord kleiner gevorm word.
- (v) 'n Hoë graad van verbinding - ses of meer letters.
- (vi) Skrif hel oor na regs. (Sien metode by skryfhoek gebruik).
- (vii) Skrif lê reëlmatig in dieselfde rigting. (Sien metode by reëlmatigheid).
- (viii) Letters is vereenvoudig, maar leesbaar.
- (ix) Die lyne toon 'n stygende neiging.
- (x) Die linkerkantse kantlyn neem toe.
- (xi) Die skryfaksie begin direk. Ses hoofletters aan die begin van sinne is nagegaan vir aarseling, deur op die volgende te let: 'n Dikker punt as die normale dikte van die skrif, bewerige strepe

of oortollige bewegings.

(xii) Die druk is deurgaans egalig.

Die monsters is as volg geklasifiseer:

Vinnig: As nege of meer van die bogenoemde eienskappe aanwesig was.

Gemiddeld vinnig: As vyf tot nege eienskappe aanwesig was

Stadig: As daar vier of minder eienskappe aanwesig was.

3. Reëlmatigheid.

Die volgende kriteria is gebruik om die reëlmatigheid van skrif vas te stel:

(i) Grootte:

Ten opsigte van die grootte van skrif is vasgestel of n konstante grootte gehandhaaf is deur ses woorde van die middelsone te meet. As daar nie n groter afwyking as twee mm. voorgekom het nie, is die skrif as reëlmatig geplaas. Wanneer letters aan die einde van die woord kleiner geword het, is dit nie as onreëlmatig beskou nie.

(ii) Wydte:

Hier is daarop gelet of die proefpersone n konstante wyde ten opsigte van letters en woorde gehandhaaf het.

(iii) Die Skryfhoek:

Die reëlmatigheid van die skryfhoek is vasgestel. Indien ses bo-sone letters n groter afwyking as vyftien grade (15°) getoon het, is die skrif as onreëlmatig geplaas.

(iv) Rigting van die lyne:

Hier is bepaal of n konstante neiging openbaar is, byvoorbeeld toon al die lyne n opwaartse, paralelle of afwaartse neigings?

Indien die skrif reëlmatig was, t.o.v. alvier bogenoemde eienskappe, is dit as reëlmatig geklasifiseer.

4. Grootte van sones.

By die vasstelling van die grootte van skrif is die bo-, middel- en ondersone as volg gemeet:

(i) Die bo-sone:

Ses woorde waarin die bosone voorkom, is gemeet deur n reguit lyn aan die bogrens van die middelsone te trek. Die lengte van die bosoneletters is dan gemeet.

(ii) Die Middelsone:

Dieselfde woorde wat in die bosone gemeet is, is gebruik deur n verdere lyn aan die onderste grens van die middelsone te trek. Die afstand tussen die twee ewewydige lyne is gemeet, wat dan die grootte van die skrif aangedui het.

(iii) Die ondersone:

Hier is ook ses woorde gekies waar letters wat die ondersone beslaan, gebruik is. Soms is dieselfde woorde geneem as wat vir die bo- en middelsone gebruik is. Die afstand van die lyn wat die onderste grens van die middelsone aangedui het, tot by die verste punt van die ondersoneletter, is gemeet.

5. Skryfhoek.

Om die skryfhoek van die monsters vas te stel is as volg te werk gegaan: n Reguitlyn is direk onder die geskrewe lyn getrek. Ses bosoneletters is met ongeveer vier duim verleng, daarna is die hoek van regs na links gemeet.

6. Graad van verbinding.

Ses woorde van ses of meer letters is nagegaan, om die graad van verbinding vas te stel.

7. Soort verbinding.

Daar is vyf verbindingsvorme in handskrif, naamlik die oop- en geslote-, dubbelkurwe, hoekige en reguitverbindinge. Elke monster is ondersoek om vas te stel watter verbindingsvorm oorheers het, en daarna is die monsters dienooreenkomstig geklassifiseer.

8. Vereenvoudiging.

Vereenvoudigings dui daarop dat n deel van n letter weggelaat is, en om dit vas te stel, is die aantal lettervereenvoudigings in die eerste ses reëls bepaal.

9. Styging en daling van lyn.

Om die styging of daling van lyn te bepaal, is die volgende metings gedoen: Die afstand van die eerste woord (die middelsone is as meetpunt geneem) tot aan die bopunt van die papier is gemeet; daarna is die afstand tussen die laaste woord en die bopunt van die papier gemeet. Indien die eerste lesing groter as die tweede was, het die lyn 'n stygende neiging getoon; indien die lesings dieselfde was, het die lyn horisontaal geloop; en as die eerste lesing kleiner as die tweede lesing was, het die lyn 'n dalende neiging getoon.

10. Linkerkantse-kantspasie.

Drie moontlikhede bestaan ten opsigte van spasiering van die linkerkantse kantspasie, naamlik 'n toenemende, konstante of afnemende kantspasie. Om die monsters te klassifiseer is die volgende metings uitgevoer:

- (i) Die afstand van die kant van die skryfoppervlakte

tot by die eerste woord van die tweede geskrewe reël is bepaal. Die eerste reël was die begin van die paragraaf en dus verder weg van die kant van die skryfoppervlakte as die daaropvolgende reël, daarom is die tweede reël geneem.

(ii) Die ooreenkomstige afstand vir die laaste geskrewe reël is ook gemeet.

As die eerste lesing kleiner as die tweede lesing was, was dit 'n toenemende linkerkantse kantspasie, m.a.w. die spasie het groter/geword na mate die skrif op die skryfoppervlakte afgevorder het. Die spasie was konstant as die eerste en die tweede lesing dieselfde was. As die eerste lesing groter as die tweede lesing was, was dit 'n afnemende kantspasie, m.a.w. die spasie het kleiner geword. By elke monster is die twee lesings geneem en geklassifiseer as 'n toenemende, konstante of afnemende kantspasie.

11. Eienskappe van oneerlikheid.

By die evaluering van die eienskappe is op die volgende gelet:

(i) Smalheid van letters: Wanneer letters soos u, n, en v besonder smal geskryf is, is die skrif as smal geklassifiseer. Daar is veral gelet op die oormekaarval van afstrepe en oop o's na links.

(ii) Nalatigheid: Wanneer enkele tekens van nalatigheid voorgekom het, wat duidelik nie die kenmerk van vereenvoudiging gedra het nie, is die skrif as nalatig geplaas.

(iii) Verbeterings: Die aantal verbeterings wat leesbaarheid gestrem het, is oor die eerste twintig lyne vasgestel.

- (iv) Nie-ritmiese druk: Indien daar twee aanduidings van verhoogde druk, of poses in die skrif was, is die skrif as onegalig druk geplaas. Hierdie waarneming is ook oor die eerste twintig lyne gedoen.
- (v) Bewegings na links: Indien twee afsonderlike letters terugbewegings getoon het, waar geen terugbewegings moes voorgekom het nie, of waar die terugbewegings oorbeklemtoon is, is dié eienskap aan die skrif toegeken.
- (vi) Oorvleueling: Indien n boog van die bosoneletter oor n boog van die ondersonse letter van die vorige lyn getrek is, en dit meer as driekeer voorgekom het, is die eienskap aan die skrif toegeken.

HOOFSTUK III.

R E S U L T A T E.

1. Laagklas.

(a) Klassifikasie:

In ^Tabel 1 word die klassifisering van die monsters in hoë, middel- en laagklas aangetoon.

Tabel 1.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. Laagklas.

Laagklas	Aantal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep
Hoog	18	30
Gemiddeld	46	64
Laag	36	6

(b) Chi-kwadraat-bevinding:

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer ten einde na te gaan of daar tussen die M- en S-groepe n verskil was t.o.v. die aantal gevalle wat in die verskillende laagklaskategorieë geval het.

Die chi-kwadraatwaarde van 26.12 was beduidend by die .001-grens.

(c) Verspreiding:

Tabel 2 toon die verspreiding van die laagklasseienskappe oor die monsters aan.

Tabel 2.

Verspreiding van laagklasseienskappe

Eienskappe	Aantal Ppe.	
	M-groep	S-groep
Oortollige bewegings	40	60
Terugbewegings	47	25
Letterformasie nie-spontaan	47	23
Spasiëring	48	37

Samevatting:

- (i) Klassifikasie: Die M-groep toon n progressiewe verspreidingsneiging tot die middellaag- en lae-laagklas van handskrif teenoor die S-groep wat n neiging tot die hoëlaag- en middellaagklas toon. Hierdie neigings is egter nie sterk genoeg om beduidend te wees nie.

- (ii) Verspreiding: Vir die M-groep lê die vier eienskappe, nl. oortollige bewegings, terugbewegings, letterformasie en spasiëring egalig versprei terwyl die S-groep n yler/verspreiding toon, veral ten opsigte van oortollige bewegings.

2. Spoed.

(a) Klassifisering.

Tabel 3 dui die klassifisering van die monsters in vinnige, gemiddeld-vinnige en stadige handskrifte aan.

Tabel 3.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. Spoed.

Handskrifklasse.	<u>M-groep</u>		<u>S-groep</u>	
	Aantal ppe.	Gemid.	Aantal ppe.	Gemid.
Vinnig	10	9.4	22	9.4.
Gemiddeld-vinnig	65	6.2	73	6.8
Stadig	25	3.6	5	4

(b) Chi-kwadraat-bevinding.

Die Chi-kwadraattoets is uitgevoer om na te gaan of die M- en S-groepe beduidend verskil het ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat kenmerke van vinnige, gemiddeld-vinnige en stadige spoed vertoon het.

Die Chi-kwadraatwaarde van 20.63 was by die .001-grens beduidend.

(c) Verspreiding:

Tabel 4 toon die verspreiding van die spoedeienskappe oor die monsters aan.

Tabel 4.

Verspreiding van eienskappe wat spoed aandui.

No. van eienskap	<u>Aantal vinnige eienskappe</u>		<u>Aantal nie-vinnige eienskappe.</u>	
	M-groep	S-groep	M-groep	S-groep
1	45	72	55	28
2	24	47	76	53
3	29	29	71	71
4	24	23	76	77
5	79	67	21	33
6	77	77	23	23
7	91	99	9	1
8	8	3	92	97
9	23	26	77	74
10	20	31	80	69
11	98	100	2	0
12	57	99	43	1

(d) Samevatting:

- (i) Klassifikasie. Die M-groep toon n baie dunner verspreiding oor die vinnige klas as die S-groep terwyl albei die groepe dig oor die gemiddelde vinnige klas versprei lê. Die M-groep lê egter baie digter oor die stadige klas versprei as die S-groep.

- (ii) Verspreiding van eienskappe. Die twaalf eienskappe van spoed lê egalig oor albei groepe se monsters versprei, met die uitsondering van eienskappe een, twee en twaalf wat heelwat digter by die M-groep voorkom.

3. Reëlmatigheid.

- (a) Klassifikasie:

Tabel 5 toon die klassifikasie van die monsters in reëlmatige en onreëlmatige skrif aan.

Tabel 5.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. Reëlmatigheid.

<u>M-groep</u>		<u>S-groep</u>	
Reëlmatig	Onreëlmatig	Reëlmatig	Onreëlmatig.
60	40	91	9

- (b) Chi-kwadraatbevinding:

Die Chi-kwadraattoets is uitgevoer ten einde na te gaan of daar 'n beduidende verskil tussen die M- en S-groepe was ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat kenmerke van reëlmatigheid en onreëlmatige skrif getoon het.

Die Chi-kwadraatwaarde van 24.33 is by die .001-grens beduidend.

- (c) Verspreiding van eienskappe:

Tabel 6 toon die verspreiding van die eienskappe oor die monsters aan.

Tabel 6.

Verspreiding van eienskappe van Reëlmatigheid.

Eienskappe	Aantal ppe.	
	M-groep	S-groep
Grootte van skrif	2	0
Wydte van skrif	0	0
Hoek van skrif	20	3
Rigting van lyne	27	7
Totaal	49	10

(d) Samevatting:

- (i) Klassifikasie: Die M-groep toon n beduidend groter neiging tot onreëlmatigheid as die S-groep.
- (ii) Verspreiding van eienskappe: Die hoek van die skrif in die rigting van die lyne lê baie digter oor die M-groep as by die S-groep se monsters versprei. Die grootte en wydte van die skrif het nie bygedra tot die onreëlmatigheid nie.

4. Grootte van sones.(a) Meting.

Tabel 7 toon die resultaat van metings wat ten opsigte van die bo-, middel- en ondersones uitgevoer is.

Tabel 7.

Gemiddelde lengte van Sones in Millimeters.

Sones	M-Groep	S-Groep.
Bosone	4.4.	3.0
Middelsone	2.3	2.3
Ondersone	4.9	4.0

(b) Verspreiding van eienskappe:

Tabel 8 toon hoe die beklemtoning van die sones versprei lê.

Tabel 8.

Verspreiding van die sones.

Sones	M-groep			S-groep		
	Bo-gemid.	Gem.	Onder-gemid.	Bo-gem.	Gem.	Onder-gem.
Bosone	76	2	22	40	5	55
Middelsone	42	15	43	45	12	43
Ondersone	69	3	28	41	2	57

(c) Chi-kwadraatbevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer teneinde na te gaan of daar in die M- en S-groepe ten opsigte van onderskeidelik, die bo-, middel- en ondersones beduidende verskille was in die aantal gevalle wat as bo-gemiddeld, gemiddeld en onder-gemiddeld geklassifiseer is.

Vir die bosone was die chi-kwadraatwaarde van 26.6 beduidend by die .001-grens. Geen beduidende verskil is ten opsigte van die middelsone gevind nie. (Chi-kwadraat = .44) Die chi-kwadraatwaarde van 17.2 vir die ondersone was beduidend by die .001-grens.

(d) Samevatting.

Die resultate van meting, asook die verspreiding, het getoon dat die M-groep 'n neiging het om die bo-, en ondersones meer te beklemtoon as die S-groep. Geen beduidende verskille is ten opsigte van die middelsone gevind nie.

5. Skryfhoek.

(a) Klassifikasie.

Tabel 9 toon die klassifikasie van die skrifmonsters in terugleunende en regsleunende klasse.

Tabel 9.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. skryfhoek.

Klas	Getal proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
Terugleunend	16	19
Regse helling	84	81
Gemiddeld terugleunende helling	102°	104°
Gemiddeld regse helling	31.3°	34.3°

(b) Chi-kwadraat-bevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer om na te gaan of die M- en S-groepe verskil het t.o.v. die aantal terugleunende en regshellende skrifmonsters in elk.

Die chi-kwadraat-waarde is .32, wat nie beduidend is nie.

(c) Verspreiding.

Die verspreiding toon nie n beduidende neiging vir die groepe nie.

(d) Samevatting.

Daar bestaan nie n beduidende neiging by die groepe tot terugleunende- of regsleunende handskrif nie.

6. Graad van verbinding.(a) Klassifikasie.

Tabel 10 toon die klassifikasie van die monsters t.o.v. die graad van verbinding aan.

Tabel 10.

Klassifikasie van Monsters volgens Verbinding.

Aantal letters verbind	Aantal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
1	2	2
2	1	5
3	2	9
4	17	11
5	15	17
6	25	14
7	9	18
8	6	4
9	1	6
10	1	3
12	21	11

(h) Chi-kwadraatbevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer om na te gaan of daar tussen die M- en S-groepe 'n beduidende verskil was ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat wisselende aantalle letters (1 tot 12) verbind het.

Die chi-kwadraatwaarde van 3.0 is nie beduidend nie.

(c) Verspreiding.

Geen beduidende neigings tot hoër of laer graad van verbinding is bevind nie.

(d) Samevatting.

Daar is geen beduidende verskil tussen die M- en S-groepe ten opsigte van die graad van verbinding gevind nie.

7. Soort verbinding.(a) Klassifikasie.

Tabel 11 toon die klassifikasie van die monsters in die vyf soorte verbindingsvorme, nl. oop- en toe-, dubbelkurwe-, hoekige en reguit-verbinding.

Tabel 11.

Klassifikasie van monsters t.o.v. Soortverbindings.

Soort Verbinding	Getal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
Oopverbinding	10	22
Toeverbinding	78	59
Dubbelkurwe	1	0
Hoekige verbinding	0	5
Reguit verbinding	11	14

(b) Chi-kwadraatbevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer teneinde na te gaan of die verskille tussen die M- en S-groepe ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat die vyf tipes verbinding getoon het, beduidend was.

Die chi-kwadraatwaarde van 7.42 is nie beduidend nie.

(c) Verspreiding.

Toe- en oopverbinding, en, tot n mate, die reguit verbindings lê die digste oor die monsters versprei. Die M-groep toon die ^{di}digste verspreiding in die toeverbinding, terwyl die S-groep n digter verspreiding as die M-groep vir die oopverbinding toon.

(d) Samevatting.

Die M-groep toon n groter neiging tot die toeverbinding en n geringer neiging tot die oopverbinding as die S-groep.

8. Vereenvoudiging.(a) Klassifikasie.

Tabel 12 dui die klassifikasie van die monsters ten opsigte van die aantal vereenvoudigings aan.

Tabel 12.

Klassifikasie van monsters t.o.v. Vereenvoudiging.

Vereenvoudigings	Aantal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
Eenletter-vereenvoudigings	15	29
Tweeletter-vereenvoudigings	8	13
Drieletter-vereenvoudigings	3	1
Totale getal proefpersone wat vereenvoudiging toon	26	43
Totale getal vereenvoudigings	40	59
Gemiddelde getal vereenvoudigings per proefpersoon	40	59

(b) Chi-kwadraatbevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer om na te gaan of daar tussen die M- en S-groepe n verskil was ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat een-, twee- of drie-letter-vereenvoudigings getoon het.

Die chi-kwadraatwaarde van 9.46 is by die .01-grens beduidend.

(c) Verspreiding.

Beide die M- en S-groepe toon n digter verspreidingsneiging vir die eenletter vereenvoudiging en daarna n vinnige afname in verspreiding na die drie-letter-vereenvoudigings. Die S-groep toon n beduidende digter verspreiding.

(d) Samevatting.

Die M-groep toon n beduidend geringer neiging as die S-groep om letters in n handskrif te vereenvoudig.

9. Styging en daling van lyne.(a) Klassifikasie.

Tabel 13 toon die klassifikasie van die monsters t.o.v. stygende en dalende neigings in die lyne aan.

Tabel 13.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. Styging en Daling van Lyne.

Eienskap	Aantal proefpersone.	
	M-groep	S-groep
Stygende lyne	23	26
Horisontale lyne	43	51
Dalende lyne	34	23
Gemiddelde styging	5 mm.	3 mm.
Gemiddelde daling	4.7 mm.	3 mm.

(b) Chi-kwadraat-bevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer teneinde na te gaan of die M- en S-groepe verskil het ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat stygende, horisontale en dalende lyne getoon het.

Die chi-kwadraatwaarde van 4.78 is nie beduidend nie.

(c) Verspreiding.

Geen beduidende verspreidingsneiging was by die twee groepe op te merk nie.

(d) Samevatting.

Nie een van die twee groepe toon n beduidende neiging tot stygende of dalende lyne nie.

10. Linkerkantse-kantspasie.(a) Klassifikasie.

Tabel 14 toon die klassifikasie van die monsters t.o.v. toenemende, konstante of afnemende linkerkantse-kantspasie.

Tabel 14.

Klassifikasie van Monsters t.o.v. Linker-kantspasie.

Eienskappe	Aantal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
Toenemende kantspasie	33	37
Konstante kantspasie	25	18
Afnemende kantspasie	42	45
Gemiddeld van toenemende kantspasie	6.4 mm.	5.5 mm.
Gemiddeld van afnemende kantspasie	5.9 mm.	3.7 mm.

(b) Chi-kwadraatbevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer om na te gaan of die verskille tussen die M- en S-groepe ten opsigte van die aantal gevalle in elk wat toenemende, konstante en afnemende linker-kantse kantspasie getoon het, beduidend was.

Die chi-kwadraatwaarde van 1.47 is nie beduidend.

(c) Verspreiding.

Geen beduidende verspreidingsneiging is by die twee groepe bevind nie.

(d) Samevatting.

Die M- en die S-groepe het nie beduidende neigings tot toe- of afnemende linker-kantspasie getoon nie.

11. Eienskappe van oneerlikheid.(a) Klassifikasie

Tabel 15 toon die klassifikasie van die monsters t.o.v. die eienskappe van oneerlikheid, naamlik smalheid, nalatigheid, verbeterings, nie-ritmiese druk, bewegings na links en oorvleueling.

Tabel 15.

Klassifikasie van monsters t.o.v. eienskappe van Oneerlikheid.

Eienskappe	Getal Proefpersone.	
	M-groep	S-groep.
Geen	16	60
Een	31	30
Twee	26	8
Drie	20	2
Vier	7	0
Gemiddelde	1.71	.52

(b) Chi-kwadraat-bevinding.

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer teneinde na te gaan of die M- en S-groepe beduidend verskil het t.o.v. die aantal gevalle in elk wat n wisselende getal (0 tot 4) eienskappe van oneerlikheid getoon het.

Die chi-kwadraatwaarde van 56.57 is beduidend by die .001-grens.

(c) Verspreiding.

Tabel 16 toon die verspreiding van die eienskappe oor die monsters.

Tabel 16.

Verspreiding van Eienskappe van Oneerlikheid.

Eienskappe	M-groep	S-groep
Smalheid	6	1
Nalatigheid	10	4
Verbeterings	38	1
Nie-ritmiese druk	20	0
Bewegings na links	54	29
Oorvleueling	40	17

(d) Samevatting.

Die M-groep toon n neiging tot digter verspreiding van die eienskappe van oneerlikheid. Die eienskappe wat die wydste versprei lê, is bewegings na links, oorvleueling, verbeterings, nie-ritmiese druk, en nalatigheid.

HOOFSTUK IV.

BESPREKING VAN RESULTATE.

Uit die gegewens wat in Hoofstuk III uiteengesit is, blyk dit dat in die geval van ses van die elf groepe handskrif-eienskappe wat ondersoek is, beduidende verskille tussen die misdadiger- en studentegroepe gevind is. In vyf gevalle, naamlik laagklas, spoed, reëlmatigheid, grootte van sone en eienskappe van oneerlikheid, is die verskille beduidend by die .001-grens, terwyl die verskil in die geval van vereenvoudigings by die .01-grens beduidend was. Die konsekwent hoë mate van beduidenheid in al die gevalle waar verskille gevind is, is opvallend. Die vyf groepe eienskappe waarby beduidende verskille nie gevind is nie, is die skryfhoek, graad van verbinding, soort verbinding, styging en daling van lyne en linkerkantse kantspasie.

Eienskappe wat beduidend verskil het.

1. Laagklas.

Volgens die klassifikasie van die monsters in Tabel 1, toon die M-groep n progressiewe verspreidingsneiging tot die gemiddelde laagklas en lae laagklas van handskrif, teenoor die S-groep wat in die hoë laagklas, en gemiddelde laagklas versprei lê.

Die vraag ontstaan of hierdie verspreidingsneiging na die laer laagklasse aan besondere eienskappe te wyte is, met ander woorde, het die M-groep deurgaans sekere van die eienskappe gemanifesteer of lê die verspreiding egalig oor die vier eienskappe versprei?

Ontleding van die verspreidingstabel (Tabel 2) toon dat die M-groep veral oortollige bewegings,

nie-spontane lettervorming en terugbewegings gemanifesteer het, en dat die eienskappe dus die digste oor die M-groep se monsters versprei lê. In die laagklas-eienskap toon die M-groep dus n beduidende afwyking na die laer laagklasse van handskrif, met n digte verspreiding in die eienskappe, oortollige bewegings, nie-spontane letterformasie en terugbewegings.

Handskrif is natuurlik as die letters op logiese wyse gevorm is, naamlik om aan die doel van skrif te beantwoord, d.w.s. om n boodskap oor te dra. Oortollige bewegings wat die leesbaarheid van skrif nie bevorder nie, is nie n bate nie en dus nie essensiël vir skrif nie. Vereenvoudigings is natuurlik, dit word deur spoed meegebring.

Spontane letterformasie dui daarop dat die skrywer die skoolmodel afgeleer het en sy eie vorms ontwikkel het. Die skrywer staan op sy eie voete en ontwikkel sy eie persoonlikheid. Indien die skrywer met die skoolmodel volhard, ontbreek morele karakter, selfstandigheid en inisiatief waarskynlik. Die skrywer is n gehoorsaam bediende maar nooit die meester nie. Die intelligensie is swak, hy doen dinge op n vaste patroon en sal nooit van die roetine afwyk nie. Vorms van oorspronklikheid is gunstig as die lettervereenvoudiging en -verandering met goeie smaak aangebring is, d.w.s. om die spoed en kwaliteit van die handskrif te verbeter. Nuwe en oorspronklike verbindings van letters beantwoord aan die doel.

By die M-groep kan die beduidend algemener voorkoms van oortollige bewegings en nie-spontane letterformasie op afhanklikheid, gebrek aan sekuriteit,

onvermoë om te onderskei tussen die essensiële en nie-essensiële dui. Dit kan ook n aanduiding wees van die behoefte om iets voor te gee. Die feit dat daar nie n neiging tot vereenvoudiging is nie, dui op n gebrek aan n selfstandige persoonlikheidsontwikkeling en inisiatief. Dit mag ook swak intelligensie aandui.

Terugbewegings kan by die M-groep op onvolwasse-
heid en inhibisies dui. Hulle klou aan die verlede vas: daar is n sterk ego-bewustheid wat neig tot infantiliteit. Dit kan die gevolg wees ~~weens van~~ n gebrek aan ego-bevrediging in die kinderdae.

2. Spoed.

Wanneer die verspreiding van die handskrifte oor die drie klasse, naamlik vinnig, gemiddeld vinnig en stadig van nader beskou word, (Tabel 3) word gevind dat die M-groep n verspreidingsneiging tot die stadige klas toon. Die vraag ontstaan nou of hierdie afwyking egalig versprei is oor al die eienskappe van spoed en of daar sekere eienskappe is wat meer dikwels afwesig is in die handskrif van die M-groep. As ons na die itemontleding in Tabel 4 kyk, vind ons die items egalig versprei met die uitsondering van items 1, 2, en 12, waar daar n baie digter verspreiding lê as in die ander eienskappe. In die ander items is verspreidingsdigtheid vir die M-groep dieselfde as vir die S-groep, met n positiewe verhouding in eienskappe 4 en 8. Ons kan dan aanvaar dat die eienskappe van gelyke, gemaklike en ononderbroke lyne, wye letters en egalige druk die eienskappe is wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die beduidende afwyking by die M-groep. n Vergelyking van die M-groep met die S-groep ten opsigte van die gemiddelde getal eienskappe vir die verskillende spoedklasse toon

nie n beduidende verskil nie.

Samevattend kan gestel word dat die M-groep n progressiewe neiging tot die stadige klas handskrif toon, met n sterk aanduiding dat versteurde ritme, wye letters en onegalige druk die items was waardeur die M-groep die meeste van die S-groep onderskei word.

Beide Klages (1917) en Saudek (1925) lê baie klem op die graad van spoed en die betekenis daarvan. Dit bepaal die laagklas. By spoed word nie soseer bedoel die tyd wat die skrywer neem om n bladsy vol te skryf nie, maar eerder die subjektiewe spoed, dit is die maksimum spoed wat die skrywer kan bereik.

In verband met die sielkundige betekenis van spoed kan opgemerk word dat die skrywer met n vinnige handskrif spontaan is, nie deur inhibisies gehinder nie, nie geneig tot nadenke nie, openhartig en eerlik, vinnig dink, doelgerig is en nie maklik afgelei word deur onnodige besonderhede nie. Die skrywer pas maklik by omstandighede aan, is energiek, lewenslustig en vol selfvertroue en kan hom maklik uitdruk. Studente, kunstenaars en persone met visie skryf gewoonlik vinnig. Dis die handskrif van *dinamiese* en begaafde persone.

Gewoonlik kry n vinnige handskrif n positiewe ontleding, maar dit kan ook negatief wees. Dit kan senuagtigheid aandui maar dan moet daar ook ander tekens teenwoordig wees, soos n dun, bewerige verbinding. Spoed kan ook n aanduiding wees van irriteerbaarheid en gebrek aan deeglikheid.

Klages (1917) ken net soveel negatiewe as positiewe eienskappe aan spoed toe, **terwyl** Wijnholds (*sj*) geneig is om te verskil. Hy sê daar kan nie goeie

en slegte betekenis aan dieselfde eienskap toegeken word nie. Sekere eienskappe het n ongunstige betekenis soos onnodige verbeterings, terwyl ander eienskappe soos vereenvoudigings, weer n gunstige betekenis het. Die verskil tussen n stadige en vinnige handskrif is kwalitatief.

Stadige handskrif het nie altyd n ongunstige betekenis nie. Dit kan beteken dat die skrywer baie versigtig is, gretig is om niks te vergeet of af te skeep nie. Hy mag baie pligsgetrou wees en sterk selfbeheer uitoefen. Die grafoloog moet dan vasstel of die selfbeheer voortvloei uit onsekerheid, inhibisies of n verantwoordelikeheidsgevoel.

Deurdát die M-groep n neiging weg van die vinnige klas handskrif toon, kan verwag word dat die volgende persoonlikheidseienskappe hulle sal kenmerk in teenstelling met die S-groep: mindere spontaniteit, eerlikheid, openhartigheid, doelgerigtheid, lewenslus en -energie, asook meer inhibisies. Hulle aanpassingsvermoë sal in die algemeen laer wees as dié van die S-groep. Die eienskap van wisselvallige druk kan gesien word as oneerlikheid, onbetroubaarheid, en wreedheid. Dit dui ook op wisselvallige aggressiwiteit, n begeerte tot agressie wat egter weer plek maak vir groter gemocdelikheid of wat onderdruk word. Dit dui op innerlike onstabiliteit.

3. Reëlmatigheid.

Wanneer die verspreiding van die handskrifte ten opsigte van die eienskap van reëlmatigheid van nader beskou word, word volgens Tabel 5 gevind dat die M-groep meer tot onreëlmatigheid neig as die S-groep. Die vraag ontstaan of hierdie afwyking ten opsigte van

reëlmatigheid toegeskryf moet word aan al die eienskappe wat getoets is, of slegs aan sekere van die eienskappe. Wanneer die verspreiding van die eienskappe in Tabel 6 ondersoek word, word gevind dat die grootte van die skrif asook die wydte konstant gebly het by albei die groepe. Slegs twee persone het n onreëlmatigheid getoon ten opsigte van die grootte van die skrif. Die afwyking moet dan ook aan die hoek van die skrif, sowel as die rigting van die lyne toegeskryf word.

Geen handskrif is heeltemal reëlmatig nie. Daar is duidelike wisselinge in die graad van reëlmatigheid. Reëlmatigheid en onreëlmatigheid is eienskappe wat spesiale betekenis volgens omstandighede het. Tog is daar n verskil tussen die graad van reëlmatigheid as n eienskap, en ander eienskappe, soos vorm, vorm van verbinding, hoek van skrif, ens. Die verskil lê daarin dat die graad van reëlmatigheid n algemene indruk van die persoonlikheid verskaf, terwyl die ander eienskappe op spesiale karaktertrekke dui.

Die graad van reëlmatigheid kan vasgestel word deur die grootte en wydte van die hoek en die rigting van die lyne te ondersoek. Min afwykings sal n reëlmatige handskrif gee. Die skoolmodel is reëlmatig en daarom het reëlmatigheid groter betekenis in die oorspronklike handskrif as wanneer die skrif nog naby die skoolmodel is.

Reëlmatigheid vereis n sekere mate van dissipline. Dit mag innerlike dissipline (selfbeheer of konsentrasie) of eksterne dissipline (gehoorsaamheid) wees. In sommige handskrifte met oorspronklike letters beteken die reëlmatigheid selfbeheer, wilsfermheid, konstandheid en verantwoordelikheid. In n stadige handskrif

van n lae laagklas beteken onreëlmatigheid gehoorsaamheid, oorspronklikheid of meganiese aanleg.

Onreëlmatigheid kan ook n positiewe en negatiewe betekenis hê. In n hoë laagklas handskrif (waar dit baie min voorkom) beteken dit sterk gevoelens wat nie gekontroleer kan word nie, sensiwiteit, emosionaliteit en impulsiwiteit. In lae laagklas handskrif dui dit op n gebrek aan wilskrag of energie, selfbeheer, onsekerheid, konstantheid en onbeslistheid. Onreëlmatigheid kan ook spanning en angs aandui.

Wat kan nou as moontlike verklaring aangebied word vir die beduidende afwyking van die M-groep ten opsigte van die onreëlmatigheid? Kan onrypheid in skrif n verklaring bied vir die afwyking? Onreëlmatigheid is n duidelike eienskap van die onrype skrif. Die onreëlmatigheid ten opsigte van die hoek van die skrif en die rigting van die lyne wat gevind is, kon dus die gevolg gewees het van die feit dat die M-groep nie dieselfde rypheidsgraad as die S-groep bereik het nie. Dan ontstaan die vraag egter dadelik waarom die onrypheid van die skrif nie ook in die ander eienskappe voorgekom het nie. As die belangrikste eienskap van skrifrypheid ritme is, waarom sal onryp skrif dan ritme toon ten opsigte van die grootte en wydte van die skrif? Dit is onwaarskynlik dat onrypheid in slegs twee van die vier eienskappe gemanifesteer sou word. Om hierdie redes val dit dus sterk te betwyfel of die moontlike onrypheidsfaktor by die M-groep vir die beduidende afwyking verantwoordelik kon gewees het.

As die tweede moontlikheid dan ondersoek word, naamlik die sielkundige betekenis van die hoek van die

skrif en die rigting van die lyne, kan dit n moontlike verklaring bied vir die afwyking.

Eerstens moet op die hoek van die skrif gelet word. n Helling na regs dui op spontane kontak met die buitewêreld, terwyl n ooregse helling op n gebrek aan selfbeheersing en sterk impulse dui. n Terugleunende Handskrif dui op selfbeheer, inhibisies of geheimhouding terwyl n oorlinkse skrif op onsekerheid, innerlike onstabiliteit dui, of n neiging toon om die emosionele te verberg.

Aangesien n wisselvalligheid in die bosone gevind is, het dit op n regse en linkse neiging gedui. Ons sal dus n vermenging van bogenoemde betekennisse kry naamlik n gebrek aan selfbeheer, sterk impulse, (regse helling) inhibisies, geheimhoudings, onsekerheid en innerlike onstabiliteit (linkse helling). Dit skyn n heel moontlike weerspieëling van die geestespatroon van die M-groep te wees.

Die tweede eienskap, naamlik die onreëlmatigheid ten opsigte van die rigting van die lyne, bevestig die innerlike onstabiliteit en gebrek aan sekuriteit nog meer.

Samevattend dui hierdie eienskappe op n sterk impulsiewe neiging, gekenmerk deur n gebrek aan selfbeheer wat afgewissel word deur regressie tot negatiewe asook onsekerheid en afgeslotenheid. Dit dui dus op n duidelike beeld van innerlike onstabiliteit.

4. Grootte van Sones.

Die grootte van die skrif is nie een van die belangrikste eienskappe van handskrif nie, maar dit hou

die voordeel in dat dit objektief gemeet kan word.
 Die grootte van die skrif word gemeet op die middelsone.
 Die standaard grootte van Pulver (Jacoby 1939) word geneem as 3 mm.

Uit Tabel 8 het geblyk dat beduidende verskille tussen die M- en S-groepe voorgekom het ten opsigte van die aantal gevalle wat as bo-gemiddeld, gemiddeld en onder-gemiddeld geklassifiseer is, slegs in die geval van die bo- en ondersones, maar nie in die middelsone nie. As die gegewens van Tabel 7 hiermee saam nagegaan word, is dit duidelik dat die M-groep die bosone, sowel as die ondersone meer beklemtoon het as die S-groep. Die beklemtoning van die bo- en ondersones deur die M-groep impliseer ook 'n swak balans tussen die bo- en middelsones, en die middel en ondersones, aangesien die middelsone nie ook beklemtoon is nie.

Pulver (aangehaal deur Jacoby, 1939) was van mening dat die bosone van handskrif op die geestesaspekte, die middelsone op die alledaagse en die ondersone op die materialistiese aspekte van die persoon se funksionering dui. Die grootte van letters en die lengte van die drie sones word dan ook op hierdie selfde wyse geïnterpreteer.

Wijnholds^(s) bespreek ook nog die volgende verskynsels in verband met die grootte van die handskrif:

- (a) Toevallig groot: Die skrywer is geleer om groot te skryf en het dié soort skrif nog nie afgeleer nie. Dit het geen spesiale betekenis nie. Die skrywer toon, in elk geval, 'n gebrek aan rypheid, oorspronklikheid en inisiatief.
- (b) Doelbewus groot: As die skoolmodel nie meer gevolg word nie, is daar 'n besondere sielkundige betekenis

voor. As die laagklas laag is, mag dit slegs te wyte wees aan gebrekkige skryfkuns of meganiese vermoë. In die middellaagklas beteken dit aktiwiteit, praktiese aanleg, entoesiasme, maar ook naïwiteit. In die hoë laagklas beteken dit dieselfde as in die middel-laagklas-groep, maar sonder naïwiteit. Die persoon is nie krities nie. n Groot handskrif het meer gunstige as ongunstige betekennisse.

Die grootte van skrif varieer baie maklik. Slegs persone met baie sterk selfvertroue sal geringe wisseling toon, terwyl persone met fluktuerende selfvertroue baie wisseling sal toon.

Dit is te betwyfel of onrypheid van handskrif by die M-groep verantwoordelik kon gewees het vir die beklemtoning van beide die bo- en die ondersonne. Indien dit die geval was, sou die middelsonne ook oorbeklemtoon gewees het.

Aangesien die bosone betrekking het op die gees van die mens, kan die oorbeklemtoning daarvan deur die M-groep n versteurde gees aandui, met die eienskappe soos ongebalanserdheid, onsekerheid, en gebrek aan sekuriteit prominent. n Dergelike interpretasie sou versoenbaar wees met die geskiedenis van antisosiale gedrag by hierdie groep.

Die ondersonne dui, eerstens, op die materialistiese en oorbeklemtoning daarvan deur die M-groep, eerder as die S-groep, is betreklik maklik te verstaan. (Dit is immers te hope dat daar by studente minder materialisme sal bestaan as by misdadigers). „Materialisties" moet hier egter ook verstaan word as insluitende die vitale en drifmatige aspekte van die menslike lewe.

Aangesien die M-groep mense ingesluit het wat, byvoorbeeld voor hulle gevangenisstraf aan seksuele bevrediging gewoon was en ten tye van hulle toetsing as gevangenes in hierdie opsig gefrustreerd was, kan hierin 'n gedeeltelike verklaring geleë wees vir die oorbeklemtone van die ondersone in hulle handskrif. Afgesien hiervan, is dit waarskynlik dat die bevrediging van vitale behoeftes by 'n groep misdadigers 'n meer prominente rol sou speel as by 'n groep studente. In die laaste instansie dui die ondersone egter ook op egofunksie. Vanweë die sien-skappe wat in verband met die bosone genoem is, naamlik geestelike ongebalanseerdheid en gebrek aan sekuriteit is dit waarskynlik dat die ego, in 'n poging om bevrediging en erkenning, sterk op die voorgrond sal tree.

Die relatiewe rol wat houdinge teenoor die alledaagse lewe speel, soos dit in die middelsone tot uitdrukking kom, skyn nie te verskil by groepe soos dié wat ondersoek is nie.

5. Vereenvouding.

Die gegewens in Tabel 12 dui daarop dat die S-groep beduidend meer as die M-groep van vereenvoudigings (weglating van dele van letters) in hulle handskrif gebruik gemaak het. Die getal drieletter-vereenvoudigings was so klein dat dit buite rekening gelaat moet word. By beide een- en tweeletter-vereenvoudigings toon die S-groep 'n hoër frekwensie as die M-groep. Hierdie verskil is ook opvallend in die totale getal persone in elke groep wat vereenvoudigings getoon het en die totale getal vereenvoudigings wat in elke groep gevind is.

In die hoëspoed handskrif is vereenvoudigings waarby nie-belangrike dele van letters (veral opstrepe) weggelaat word, natuurlik aangesien dit die hoë laagklas

handskrif beklemtoon. Dit dui dan op spoed en helderheid van denke, vermoë om te onderskei tussen wat belangrik is en wat nie. In die stadige handskrif is dit ook die geval, behalwe dat die persoon nie vinnig kan dink nie. Vereenvoudiging beteken altyd eenvoud en rypheid. Die skrywer leer analiseer, objektief dink, en beperk homself tot die belangrike sake. In die stadige handskrif van die lae laagklas kan dit beperkte verstandsvermoë, gebrek aan energie of verbeelding aandui.

n Besondere vorm van vereenvoudiging, verwaarloosing, waarby belangrike dele van letters uitgelaat of onduidelik gemaak word, het hoofsaaklik n ongunstige betekenis. Dit kom egter soms as gevolg van spoed voor. Verwaarloosde letter^yforme belemmer leesbaarheid. Die skrywer doen nie moeite om homself duidelik te stel nie, en dit mag selfs doelbewus wees. In die eersgenoemde geval is die skrywer onbeleefd, lui of toon hy gebrek aan helder denke, terwyl dit in laasgenoemde geval dui op geheimsinnigheid of oneerlikheid.

Die skrywer huiwer soms aan die begin van n letter. Indien die letter onvoltooid of onduidelik is, het die persoon moontlik n leun vertel, moontlik as gevolg van vrees. Hier sal die handskrif-eienskappe van vrees en nederigheid, en n gebrek aan wilskrag toon.

Die mindere gebruik van vereenvoudings deur die M-groep kan dus gesien word as n aanduiding van stadige en onheldere denke, onvermoë om tussen belangrike en onbelangrike aspekte van sake te onderskei. Dit mag ook dui op n swakker verstandelike vermoë, wat n waarskynlike verskil tussen n misdadiger- en n studentegroep is.

6. Eienskappe van Oneerlikheid.

Soos in Hoofstuk II vermeld is, was hierdie groep eienskappe die enigste groep waaromtrent vooruit voorspel is dat die M-groep meer van die onderhawige eienskappe sou toon as die S-groep. Wijnholds se besprekings het hier as leidraad gedien.

Die gegewens in Tabelle 15 en 16 toon duidelik dat die hipotese wat geformuleer is met 'n hoë mate van waarskynlikheid aanvaar kan word. Sestig persent van die S-groep het geen tekens van oneerlikheid in hulle handskrif getoon nie, teenoor slegs sestig persent van die M-groep. By die kategorieë van een, twee, drie en vier eienskappe is die verskil tussen die twee groepe ewe opvallend.

Die vraag ontstaan verder of al die eienskappe egalig versprei was oor die monsters en of slegs enkele eienskappe verantwoordelik was vir die beduidende afwyking. Uit Tabel 16 is die volgende verspreidingsneigings duidelik: Die digste verspreiding lê oor die volgende eienskappe: Bewegings na links, oorvleueling van sones, verbeterings, nie-ritmiese druk, nalatigheid en smalheid van letters. Die beduidendste verspreiding lê dus oor die eienskappe verbeterings, nie-ritmiese druk, nalatigheid, en bewegings na links.

Samevattend kan ons dus konstateer dat die M-groep 'n duidelike neiging toon om die eienskappe van oneerlikheid in hulle handskrif te manifesteer, met die hoogste frekwensie vir die eienskappe verbeterings, nie-ritmiese druk, nalatigheid, en bewegings na links.

Wanneer oneerlikheid in handskrif vasgestel is,

beteken dit nie dat die skrywer reeds 'n misdaad gepleeg het nie. 'n Persoon kan tot oneerlikheid geneig wees, sonder om ooit 'n misdaad te pleeg, terwyl die sogenaamd eerlike persoon, soms mag geld verduister. Toevallige diefstal in winkels word nie deur persone met „slegte“ karakters gepleeg nie, maar deur persone met „swak“ karakters. Nieteenstaande hierdie oorwegings, kry ons handskrifkenmerke wat neig om die werklike misdadiger te onderskei.

„Oneerlikheid“ word hier in die wyere sin van die woord gebruik, naamlik dat 'n persoon iets probeer wegsteek wat eintlik aan die lig moes gekom het dat hy onwaarhede vertel, dat hy oneerlik en onbetroubaar is. Oneerlikheid kom in verskillende grade voor. Om oneerlikheid te bespeur moet ons die eienskappe soek wat aandui dat die persoon „nie bedoel wat hy sê nie en sê wat hy nie bedoel nie.“

In 'n vinnige, spontane en natuurlike handskrif is die skrywer gewoonlik eerlik. Daar is nie geleentheid vir duplisiteit nie, die kanse vir oneerlike eienskappe is gering, want oneerlike eienskappe pas nie by die vinnige handskrif nie.

Die handskrif wat die oopverbindings gebruik, word ook nie met oneerlikheid geassosieer nie. In die geval van die toeverbinding praat die skrywer nie maklik nie, alhoewel daar 'n verskil is tussen terughoudendheid en oneerlikheid. Die persoon wie se handskrif toeverbindings toon, is egter meer geneig om dinge weg te steek as die persoon wat oopverbindings gebruik. Die toeverbinding kan dus 'n aanduiding van oneerlikheid wees, maar daar moet na verdere eienskappe van oneerlikheid

gesoek word.

Smalheid van letters beteken dat die skrywer nie spontaan is nie. Wanneer die spasie tussen die afstreek^p smal is, hou die skrywer hom in. Dit is nie noodwendig 'n teken van oneerlikheid nie, dit kan ook 'n teken van selfkontrole wees. Wanneer twee afstreepe egter oormekaar val, is dit nie meer selfkontrole nie, maar bedekking. Die skrywer wil iets bedek of wegsteek.

Nalatigheid, dit wil sê die weglating van hele letters of dele daarvan, sonder rede, toon 'n begeerte om iets weg te steek.

Verbeterings, wat nie die leesbaarheid van skrif verbeter, of wat leesbaarheid strem, kan ook aandui dat die skrywer iets wil verberg.

Nie-ritmiese druk, of 'n skielike pose, beteken dat die aandag of die waaksaamheid van die skrywer toeneem. Hy is dus op sy hoede om dinge weg te steek. Vergrotings („flourishes”) word dikwels deur swendelaars gebruik, met die doel om 'n mooi voorkoms te verleen. Hulle vermom die ware vorm van die skrif.

Bewegings na links, dit is teen die skryfbeweging in, kan oneerlikheid aandui, veral halwe oop sirkels na links. Hierdie oop sirkels kom gewoonlik in die toevoerbinding-handskrif voor.

Oorvleueling: die balans van die skrif word versteur. Dit dui op wreedheid en geen konsiderasie vir die sienswyse van ander nie. Dit toon ook 'n gebrek by die skrywer om homself duidelik uit te druk.

Wijnholds waarsku uitdruklik dat geen eienskap

van handskrif absolute betekenis het nie. Die eienskap moet altyd in verhouding met ander eienskappe gesien word. Sommige grafoloë meen dat daar minstens vier eienskappe van oneerlikheid in die skrif aanwesig moet wees voor die skrywer as oneerlik verklaar kan word. Die skrif moet eers volgens natuurlikheid, spontaneïteit en laagklas beoordeel word en dan moet die eienskappe van oneerlikheid gesoek word. 'n Persoon mag ook soms 'n leun vertel sonder dat hy oneerlik is.

Die beduidende verskille tussen die M-groep en die S-groep bevestig die verwagting dat die ^gbeharde misdadiger 'n element van geheimhouding in sy persoonlikheid sal openbaar. Deur die herhaaldelike verbreking van die sosiaal aanvaarde kodes en die moontlikheid dat veroordeling en straf sal volg, kan aanvaar word dat die eienskap van geheimsinnigheid en verbergings 'n byna permanente deel van die misdadiger se persoonlikheid sal word. Hy is gedurig besig om sy dade en selfs ook sy gedagtes te verberg. Dit word so 'n deel van die bewuste en die onbewuste dat dit onwillekeurig tot uiting kom in sy skrif.

Geheelbeeld van misdadigersgroep.

Op grond van die eienskappe ten opsigte waarvan beduidende verskille gevind is, kan die volgende aspekte van die misdadigerspersoonlikheid samevattend vermeld word.

1. Laagklas: Uit die eienskap van handskrif kry ons 'n beeld van onvolwassenheid, afhanklikheid, onvermoë om te onderskei tussen die essensiële en nie-essensiële, gebrek aan inisiatief^s, inhibisies en 'n ego-bewustheid wat neig tot infantiliteit.

2. Spoed: Die persoon word gekenmerk deur beperkinge ten opsigte van spontaniteit, openhartigheid, doelgerigtheid, lewenslus en -energie, asook deur onbetroubaarheid, oneerlikheid en aggressiwiteit.
3. Reëlmatigheid: Dié eienskap van handskrif gee n beeld van innerlike onstabiliteit, wisselende selfbeheersing, sterk impulsiewe neigings, onsekerheid en afgeslotenheid.
4. Grootte van sones: Hierdie eienskap bied n beeld van ongebalanseerdheid, onsekerheid, gebrek aan sekuriteit en materialisme. n Sterk ego-bewustheid bestaan ook.
5. Vereenvouding: Dié eienskap bied n beeld aan van verwarde denke, onvermoë om te onderskei tussen die essensiële en nie-essensiële, onvermoë om te analiseer, om objektief te wees, sowel as moontlik n swakker verstandelike vermoë.
6. Oneerlikheid: Dié eienskappe gee n beeld van geheimsinnigheid, verbergings, onegtheid, onbetroubaarheid en duplisiteit.

Uit hierdie konstellasië kan die volgende geheelbeeld van die misdadiger se persoonlikheid gevorm word.

Die misdadiger se persoonlikheidsbeeld moet gesien word as innerlik onstabiel vanweë onsekerheid en n gebrek aan sekuriteit. Die persoonlikheid is ongebalanseerd en toon n gebrek aan selfstandigheid en inisiatief; gevolglik kom die persoonlikheid onvolwasse en onryp voor. Daar is n gebrek aan eenvoud, spontaniteit en openhartigheid wat bevestig word deur geheim-

sinnigheid, afgeslotenheid, en inhibisies. Doelgerigheid en energie ontbreek alhoewel daar sporadiese impulse voorkom.

Die misdadiger is nie n helder denker nie, hy kan nie onderskei tussen die essensiële en die nie-essensiële nie, en toon n onvermoë om te analiseer en objektief te oordeel. Daar is ook aanduidings dat die misdadigers materialisties is.

Daar moet egter dadelik beklemtoon word dat bogenoemde skets die beeld van n misdadiger se persoonlikheid sou wees, indien sy handskrif in al die onderlinge aspekte van al die eienskappe van handskrif in die ondersoek gebruik, beduidend sou afgewyk het. In die ondersoek is egter nie bepaal ten opsigte van hoeveel eienskappe elke lid van die M-groep beduidend afgewyk het nie. Daarom volg dit nie dat bogenoemde skets elke lid van die M-groep pas nie. Bogenoemde eienskappe kan in n meerdere of mindere mate by misdadigers voorkom.

O P S O M M I N G.

In die inleiding is die verskynsels van projeksie en ekspressie bespreek en vergelyk. Daar is aangetoon dat handskrif n vorm van ekspressie is. n Oorsig is gegee van etlike ondersoekinge na die geldigheid van die Grafologie en besware teen die Grafologie is bespreek.

Die doel van die huidige ondersoek was om na te gaan in welke opsigte die handskrifte van misdadigers en studente van mekaar onderskei kon word en om op grond van so n grafologiese studie n beeld van die misdadigerspersoonlikheid te gee. Die proefpersone was n groep van 100 misdadigers wat in n gevangenis aangehou is na ten minste vyf veroordelings weens kriminele oortredings, (M-groep) en n groep van 100 studente aan n onderwyskollege sonder enige kriminele oortredings (S-groep). Skrifmonsters is verkry sonder dat die proefpersone geweet het wat die werklike doel was. Elf groepe handskrifeienskappe, soos veral beskryf deur Jacoby (1939), is ondersoek. Chi-kwadraattoetse is op die frekwensietellings vir die verskillende klassifiserings uitgevoer.

Ten opsigte van vyf van die groepe eienskappe, naamlik skryfhoek, graad van verbinding, soort verbinding, styging en daling van lyne, en linker kantspasie is geen verskille tussen die twee groepe gevind nie. In die geval van die oorblywende ses groepe eienskappe is hoogs beduidende verskille wel gevind. Hierdie eienskappe en die interpretasie van die verskille word kortliks vermeld.

1. Laagklas. Die M-groep het n verspreidingsneiging tot die gemiddelde- en lae laagklas van handskrif getoon, terwyl die S-groep n neiging tot die gemiddelde- en

hoë laagklas getoon het. Oortollige bewegings, nie-spontane letterformasie en terugbewegings was die eienskappe wat die digste in die misdadigershandskrif versprei was en dus hoofsaaklik vir die beduidende afwyking verantwoordelik was. Hierdie gegewens is by die M-groep geïnterpreteer as aanduidings van groter onsekuriteit, afhanklikheid, onvolwassenheid, asook 'n groter onvermoë om die essensiële van die nie-essensiële te onderskei in vergelyking met die S-groep.

2. Speed. Die M-groep se handskrifte het 'n neiging tot die gemiddeldvinnige en stadige klas handskrif getoon, teenoor die neiging van die S-groep tot die gemiddeldvinnig en vinnige klas handskrifte. Slegs drie van die twaalf eienskappe van speed, lê digter by die M-groep as by die S-groep versprei, naamlik nie-ritmiese beweging, wye letters en onegalige druk, sodat die beduidende afwyking hoofsaaklik te wyte was aan dié drie eienskappe. Hierdie bevindinge is geïnterpreteer as aanduidings dat die M-groep gekenmerk word deur beperkte aanwesigheid van spontaniteit, doelgerigtheid, lewenslus, asook deur meer inhibisies, meer aggressiwiteit en groter oneerlikheid.

3. Reëlmatigheid. Die M-groep het 'n sterker neiging tot onreëlmatigheid in hul handskrifte getoon as die S-groep. Die hoek van die skrif en die rigting van die lyne was hoofsaaklik verantwoordelik vir die onreëlmatigheid. Die bevindinge is geïnterpreteer as aanduidings van innerlike onstabiliteit, gekenmerk deur sterk impulsiewe neigings, gebrek aan selfbeheer, negatiewiteit, onsekerheid en afgeslotenheid.

4. Grootte van sones: Die M-groep het n sterker neiging as die S-groep getoon om die bo- en ondersones te beklemtoon, terwyl geen beduidende verskille ten opsigte van die middelsone gevind is nie. Die M-groep word op grond hiervan gekenmerk deur ongebalanseerdheid, insekuriteit en n sterk neiging tot die materialistiese en vitale aspekte van die lewe.

5. Vereenvoudiging: Die S-groep het beduidend meer van vereenvoudigings gebruik gemaak as die M-groep. Die groter afwesigheid daarvan by laasgenoemde groep is geïnterpreteer as n aanduiding van stadige en onheldere denke, onvermoë om tussen belangrike en onbelangrike aspekte van sake te onderskei, asook moontlik mindere verstandelike begaafdheid.

6. Eienskappe van oneerlikheid: Die M-groep het n neiging getoon om die eienskappe van oneerlikheid in hulle handskrifte te manifesteer. Die eienskappe, bewegings na links, oorvleueling van sones, verbetering wat leesbaarheid strem, nie-ritmiese druk en nalatigheid lê die digste oor die M-groep se monsters versprei, en was verantwoordelik vir die beduidende verskil wat gevind is. Met „oneerlikheid” is hier bedoel onegtheid, onbetroubaarheid, duplisiteit, geheimsinnigheid en verberging, eerder as misdadigheid wat deur oneerlikheid in n engere sin gekenmerk word.

LITERATUURVERWYSINGS

- ALLPORT, G.W. (1937) Personality. New York: Holt.
- BECK, K.W. (1958) Graphology. Ongepubliseerde referaat.
- CREPIEUX-JAMIN, J. (1926) The psychology of the movements of handwriting. London: Routledge.
- DREVER, J. (1952) A dictionary of psychology. Harmondsworth: Penguin.
- EYSENCK, H.J. (1945) Expressive movement and the methods of experimental depth psychology, in Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Reds). An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, pp. 457-497.
- HADLEY, J.M. (1958) Clinical and counseling psychology. New York: Holt.
- HARVEY, O.L. (1934) Graphology, in Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Reds). An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall, pp. 416-456.
- HELBERG, P.J. (1963) Die betekenis van projeksie en ekspressie in die psigologies-pedagogiese diagnostisering van kinders met gedragsafwykings met verwysing na die pedo-terapeutiese waarde. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Univ. Pretoria.
- JACOBY, H.J. (1939) Analysis of handwriting. London: Allen & Unwin.
- KLAGES, L. (1917) Handschrift en Karakter. Den Haag: Boek en Periodiek.
- LIGHTON, R.E. (1934) A graphological examination of the handwriting of air-pilots. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univl Pretoria.
- NEL, B.F. (1958) Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van projeksietegnieke. Opvoedkundige Studies, Univ. Pretoria.

- OLYANOVA, N. (1960) The psychology of handwriting.
New York: Sterling.
- PELSER, A.K.J. (1958) Die psigo-dinamiese grondslag van projeksietegnieke, met spesiale verwysing na die voorlopige opstelling van so 'n tegniek vir laerskoolkinders. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Univ. Pretoria.
- RAPAPORT, D., GILL, M., & SCHAFFER, R. (1945) Diagnostic psychological testing. Vol. I. Chicago: Year Book Publishers.
- ROMAN, Klara G. (1952) Handwriting: a key to personality.
New York: Noonday.
- SAUDEK, R. (1952) The psychology of handwriting.
London: Allen & Unwin.
- SIEGEL, S. (1956) Nonparametric statistics for the behavioral sciences. New York: McGraw-Hill.
- VAN LENNEP, D.J. (1948) Psychologie van projectie-verschijnselen. Utrecht: Nedl. Stichting voor Psychotechniek.
- VAN LENNEP, D.J. (1951) The Four-Picture Test, in Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Eds). An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall, pp. 149-180.
- WIJNHOLDS, H.W.J. (s.j.) Handwriting and character.
Pretoria: Cultura.
- WOLFF, W. (1943) The expression of personality.
New York: Harper.
- WOLFF, W. & PRECKER, J.H. (1951) Expressive movement and the methods of experimental depth psychology, in Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Eds). An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, pp. 457-497.
- WOLFSON, Rose (1951) Graphology, in Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Eds). An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall, pp. 416-456.